

IN DIE HOOGERIGHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

II.18 VOL. 134 Pg. 6593-6656

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-08-25

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

134

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 134

(Bladsye 6593 - 6656)

HOF HERVAT OP 25 AUGUSTUS 1986.

MR BIZOS : My Lord, accused no. 17 is still absent. We are pleased to inform Your Lordship that Mr More is back, accused no. 4. Your Lordship granted him leave and he has been operated on. He has been absent for some time. He is back here with us this morning, but we have a note from Lieutenant Burger that he has an appointment at 12h00 for a post-operative consultation with Dr Naudé and we would ask Your Lordship's leave to allow him to leave during the short adjournment to keep this appointment. (10)

COURT : Yes, that is in order.

MR BIZOS : I may say, My Lord, that we have managed to prepare ourselves for the cross-examination of the witness in the time allowed by Your Lordship.

LUKAS CORNELIS ANDRÉ PRUIS, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mn. Pruis, beskou u self as 'n deskundige? -- Ek beskou my as 'n deskundige op die strategiese determinante van rewolusionêre oorlogvoering.

Is dit al? -- Dit is al.

Ek wil u vra of u op enige ander geleentheid getuenis (20) gelewer het in 'n hof? -- Nee.

In u hoedanigheid as 'n deskundige? -- Nee.

Is enige van u navorsing of u skrywes in enige toonaangewende en erkende akademiese tydskrif gepubliseer? -- Slegs een artikel in die Joernaal vir Eietydse Geskiedenis.

Wanneer was dit? -- 1985.

Kan ons die volle titel van die publikasie kry, asseblief? -- Die rewolusionêre politieke saak.

En die Joernaal waarin dit gepubliseer is? -- Die Joernaal vir Eietydse Geskiedenis. (30)

Deur wie is dit uitgegee? -- Dit is 'n publikasie van die

Instituut vir Eietydse Geskiedenis van die Vrystaatse Universiteit.

Is dit 'n publikasie wat as 'n gerefereerde publikasie beskou word deur die universiteite? -- Ja.

Is enige van u skrywes deur enige van u kollegas by enige ander universiteit gekritiseer of is daar melding gemaak van enige van u artikels of u skrywes? -- Nee, nie wat ek van weet nie.

Ek wil terugkom. Ek verstaan dat tussen die akademici daar - ek is jammer dat ek die Engels moet gebruik - die (10) "refereed journals and the house journals" is. Wat se soort joernaal is die een wat u artikel gepubliseer het? -- Kan u dalk die twee terme vir my in Afrikaans verduidelik, asseblief?

HOF : Die huisjoernaal, soos ek dit begryp, is een wat die universiteit net vir homself uitgee, sê maar vir die fakulteit of vir die studente of wat ook al. Die ander, soos ek dit begryp, is 'n joernaal wat uitgegee word sodat dit in elk geval nasionaal en heel moontlik ook internasionaal gelees word. Het ek dit reg? (20)

MNR. BIZOS : Heeltemal reg. -- Dit val in dit tweede kategorie.

Dit is op internasionale vlak gepubliseer? -- Ek weet nie of hy ook internasional versprei word nie.

In elk geval, u het net een artikel geskryf en u dra geen kennis dat enige akademikus daarvan kennis geneem het of nie? -- Nee, ek dink dit is 'n vraag wat u aan die akademici sal moet stel. Ek sal nie kan getuig daaroor nie.

Dra u kennis of enige akademikus van u artikel kennis geneem het of nie? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie. (30)

Sal u saamstem dat die skrywe van 'n enkele akademikus voor dit deur sy kollegas in die algemeen kennis van geneem is, aanbeveel is? Ons in die howe kan nie weet of dit net die breinkind van 'n akademikus is en of dit nou 'n ware teorie is waarvan ons kennis kan neem nie?

HOF : Ja, wat mnr. BIZOS wil sê, is miskien is dit net 'n vlieërwat u opgesteek het. -- As dit 'n vlieër is, dan is dit gebaseer op konstante teoretiese vertrekpunte. Dan behoort al hierdie vertrekpunte vlieërs te wees wat opgestuur is en miskien moet ek byvoeg dat oorlogvoering aan die hand van hierdie vlieërs van stapel gestuur word in die era na 1945 primêr.

MNR. BIZOS :

Maar dit is u mening. Ons het nie die mening van enige ander akademikus oor u werk nie? -- Nee, ek dink so 'n mening moet van ander akademici verkry word.

En u dra geen kennis van die mening van enig eander akademikus nie? -- Nee. Mag ek hierop uitbrei?

HOF : Ja, as u iets op die punt kan toeveeg. -- Op die punt. 'n Akademikus se werk vertak in drie afdelings, onderrig, navorsing en samelewingsdiens. (20)

MNR. BIZOS : Is u klaar? -- Nee.

Goed, gaan maar aan. -- Sommige akademici het baie tyd vir navorsing. Ander akademici word belas met 'n omvattende onderrigtaak. Wat my onderrigtaak betref is daar op hierdie stadium agtien magisterstudente en ses doktorale studente wat onder my studieleiding met magister- en doktorale studies besig is. Ek glo enige akademikus sal vir u sonder huiwering sê dat dit in so 'n milieu onmoontlik is om eie navorsing te doen.

Sê u dat dit onmoontlik is vir u om navorsing te (30) doen omdat u soveel studente en soveel ander werk het? --

Om artikels te skryf, ja.

Of om werk in die veld te doen, "fieldwork" te doen?

-- As u praat van imperiese navorsing in terme van veldwerk dan moet dit op spesifieke onderwerpe gerig wees. Alle onderwerpe behoef nie imperiese navorsing nie.

Het u enige imperiese navorsing gedoen in die vak of onderwerp waarop u sê u 'n deskundige is? -- Nee.

So, kan ons aanvaar dat u kennis van die onderwerp van 'n teoretiese aard is wat u in die boeke van die comrade voorsitter Mao gelees het en Che Guevara en Marighella en (10) De Bray en die ander? -- Ja.

U self, beskou u nie self as 'n deskundige behalwe wat u gelees het in die boeke van hierdie here nie? -- Nee, ek beskou myself as 'n deskundige in die sin dat ek vanuit losse strategiese vertrekpunte 'n strategiese werkswyse geformuleer het. My kundigheid draai rondom 'n strategiese werkswyse.

En dit is uitgetrek uit die werke van hierdie vier toeses here wat u genoem het? -- Nie net hierdie here alleen nie. Daar is ook gekyk na analitici wat op die terrein (20) van strategiese determinante gewerk het.

U het nie die teorie van een of ander van die here getoets met navorsing nie? -- U bedoel navorsing in watter situasie?

Ons het 'n teorie van mnr. De Bray byvoorbeeld. U het geen navorsing gedoen om vas te stel of mnr. De Bray nog korrek is in sy teorie of nie. Wat u gedoen het, is dit is wat De Bray sê en as gevolg van wat hy sê het ek tot sekere gevolgtrekkings gekom. Is dit wat u sê? Verstaan ek u goed? -- Die bestudering van oorlogvoering in die (30) praktyk om te bepaal watter strategiese determinante in

oorlogvoering voorkom, is 'n spesialiteitsterrein op sigself.

Wat ek aan u wil stel is die volgende, dat daar nie net die vyf of ses here is wat u genoem het nie, maar daar is nog ten minste twintig tot vyf-en-twintig ander mense wat oor die rewolusionêre oorlogvoeringteorieë geskryf het. Stem u saam? -- Dit kan wees, maar dit is afleidings vanuit die basiese strategiese raamwerk.

Het u die werke van ongeveer twintig ander persone bestudeer of nie? -- U sal meer spesifiek moet wees oor die persone? (10)

Behalwe die vier of ses persone van wie se name u melding gemaak het? -- Ja, ek het .... ((Mnr. Bizos kom tussenbei)

Het u enige ander belangrike skrywes oor rewolusionêre oorlogvoering gelees of bestudeer? -- Ja.

Van wie? -- Ek kan enkele vir u noem.

Asseblief. -- B.O. O'Neil.

Wat het hy geskryf? -- "Insurgency in the Modern World."

Is hy 'n akademikus wat geskryf het oor werke van ander of was hy betrokke by die rewolusionêre oorlogvoering self? -- Hy is 'n akademikus ... (Mnr. Bizos kom tussenbei) (20)

Nee, ons praat nie van akademici nie. Ons praat van persone wat soos Mao en De Bray en die ander met rewolusionêre oorlogvoering besig was, wat van hulle teorieë geskryf het en gepubliseer het. Het u enige ander skrywes wat gepubliseer is in die veld gelees of bestudeer? -- Wat strategiese determinante daargestel het, is dit die vertrekpunte van Mao, Guevara, De Bray en Marighella, waaruit ander denke ontwikkel het.

Wat is die antwoord op my vraag? -- Ek kan akademici noem wat ek bestudeer het, maar wat grondleggende denke (30) betref, is dit hierdie denkers wat ek aan u voorgehou het.

... / Wat

Wat van Lennon? Het u dit gelees? -- Ek het Lennon slegs as 'n vertrekpunt gelees omdat ek hom nie beskou as 'n grondlegger van rewolusionêre oorlogvoering nie.

Kan u een van die aantal werke wat Lennon geskryf het oor rewolusionêre oorlogvoering se naam gee? -- Sy "Selected Works." Daarin verskyn 'n hele aantal werke.

"Selected Works" is nie wat Lennon geskryf het nie. "Selected Works" is wat die uitgewers besluit het om die boeke te noem. Ek vra of u die naam van enige boek van Lennon kan meld oor rewolusionêre oorlogvoering of nie? (10) -- Nee, ek moet net vir u sê dat Lennon nie oor rewolusionêre oorlogvoering as die krygstipe geskryf het wat Mao Tse Tung daargestel het nie.

Ek vra u en dit is 'n vraag wat ek met respek wil beklemtoo en wat met 'n nee of 'n ja beantwoord moet word. Is u in staat om die naam van enige werk van Lennon te noem wat oor rewolusionêre oorlogvoering geskryf is of nie?

MNR. JACOBS : U Edele, die getuie het geantwoord. Lennon het nie oor rewolusionêre oorlogvoering geskryf nie, as ek hom reg verstaan het, maar oor ander aspekte. (20)

HOF : Ek het begryp dat sy antwoord was dat Lennon nie oor die krygstipe van rewolusionêre oorlogvoering geskryf het nie. Rewolusionêre oorlogvoering behels heelwat meer as die krygstipe rewolusionêre oorlogvoering en dit is waar die debat tussen die advokaat en die getuie op die oomblik oor gaan.

MNR. JACOBS : My beswaar is dat hy het gesê Lennon het nie oor rewolusionêre oorlogvoering as krygstipe geskryf nie.

HOF : Ek laat die vraag toe, want ek moet self ook (30) helderheid kry oor die getuie se vakgebied en waaroer Lennon

presies geskryf het. Onthou u nog die vraag? -- As oorlogvoeringstipe, hier wil ek u miskien verwys na die werk van Heinz Lass wat geskryf het oor die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering. In dié verband noem hy byvoorbeeld Lennon se denke wat aanleiding gegee het tot fasette waariut rewolusionêre oorlogvoering ontwikkel het, maar as ons byvoorbeeld na sy werk kyk en die plek wat hy toeken aan guerrilla-oorlogvoering wat 'n integrale komponent vorm van die vertrekpunte van Mao, Guevara, Marighella, dan vind ons dat hy nie 'n primêre klem daarop plaas nie. (10)

Is dit nou Lennon wat u van praat of Lass? -- Lennon. Lass noem ek om aan te toon dat hy die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering neem vanaf Mao Tse Tung.

MNR BIZOS : Nee, die vraag is of u die naam van enige werk van Lennon kan onthou? -- Nee, ek kan nie nou aan een dink nie, aangesien ek nie hierdie werke intensief bestudeer het nie.

U sal wel onthou wat ander skrywers oor rewolusionêre oorlogvoering geskryf het. Wat Lennon betref het u hom nie oor rewolusionêre oorlogvoering gelees nie? -- Ek het (20) hom nie bestudeer om 'n strategiese raamwerk daar te stel vir die voer van 'n rewolusionêre stryd nie.

As ek aan u stel dat daar ten minste nege werke van Lennon is wat oor rewolusionêre oorlogvoering is, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Nee, nie oor die oorlogvoeringstipe, rewolusionêre oorlogvoering soos wat ek dit bestudeer het nie.

Verstaan ek u nou beter, dat u het net 'n klein stukkie van rewolusionêre oorlogvoering bestudeer? -- Nee, glad nie.

Wat is die posisie dan? -- Rewolusionêre oorlogvoering (30) is 'n spesifieke oorlogvoeringstipe en om 'n strategiese

raamwerk daar te stel , 'n werkswyse, is dit noodsaaklik om te kyk na die grondleggers in die eerste plek van die oorlogvoerigstipe. Miskien moet ek vir u hier dan ook net meld wat strategie behels.

Wel, ek wil voortgaan met my vrae om vas te stel of u nou van die here kennis dra of nie. Wie was Minz? -- Nee, ek weet nie.

Wie was Filderoff? -- Ek weet nie.

Wie was James Connolly? -- Nee, ek weet nie.

Wie was Henric Lister(?). Wie was Josef Brosk. (10)

HOF : Ons het nog nie 'n antwoord op Henric Lister nie.

-- Ek weet nie.

MNR. BIZOS : Weet u nie wie Josef Brosk was nie? Beter bekend as Pito? Het u dit nie geweet nie? Beskou u self as 'n deskundige in rewolusionêre oorlogvoering? -- Oor die strategiese determinante van rewolusionêre oorlogvoering. Die strategiese werkswyse.

Is u in staat om te sê of dié here oor daardie wyse geskryf het of nie? -- Nie vir die vestiging van strategiese determinante in rewolusionêre oorlogvoering nie. (20)

Kan u sê of die here wie se name ek tot nou genoem het oor daardie determinante geskryf het of nie? -- Nie grondleggende determinante nie.

As u nie weet wie hulle is nie, hoe kan u sê waaroor hulle geskryf het? -- Omdat wat rewolusionêre oorlogvoering betref as krygstipe en die neerlegging van strategiese determinante daar slegs enkele grondleggers is.

Ek is jammer om dit so aan u te stel. Was logika een van die vakke wat u moes geskryf het om ten minste u eerste graad te kry? -- Nee, daar word nie 'n vak soos logika aangebied by ons nie. (30)

Hoe kan u sê dat die persone het nie oor hierdie determinante geskryf nie as u nie weet wie hulle is en wat hulle miskien mag geskryf het nie? -- Wat die strategiese verstrekpunte van rewolusionêre oorlogvoering betref, kan ek akademici aanhaal wat die skrywers identifiseer het wat strategiese determinante neergelê het.

Miskien sal My Geleerde Vriend daardie akademici soek om hiernatoe te kom wanneer ons met u klaar is, maar ek wil u vra vir 'n antwoord op my vraag. Hoe kan u sê dat die persone nie oor daardie determinante geskryf het nie (10) as u nie weet wie hulle is en wat hulle miskien mag geskryf het nie? -- Dat dit vir my in terme van my studieterrein net noodsaaklik is om die grondleggende denke te bestudeer van die denkers soos aangedui ook deur akademici wat daardie determinante neergelê het.

Maar dit is nie die wetenskaplike manier waarop akademici moes werk nie. Hulle kan nie 'n boek hier kies en 'n boek daar kies sonder om die hele gebied te bestudeer nie. Is ek nie reg in daardie stelling nie? -- Afhangende van wat die onderwerp is wat geselekteer is en die doelwitte (20) wat geformuleer is vir die onderwerp.

Sê u dat die reëls van wetenskap verander volgens die mening van die akademikus wat sy vak kies? -- Glad nie. Die onderwerp bepaal wat bestudeer word. Die doelstellings wat geformuleer word bepaal wat bestudeer word.

Wie was Fernand Grenier? -- Ek weet nie.

Wie was Goannides? -- Nee, ek weet nie.

En wie was Zizis Zografos? -- Nee, ek weet nie.

Wie was Gotshamine? -- Gotshamine is die Viêtnamese leier wat begin het met rewolusionêre stryd aldaar. (30)

Wat het hy geskryf? -- Nee, ek is nie bekend met

... / Gotshamine

Gotshamine se werk nie. Ek het Giap se werke bestudeer.

Vic Victory Gretask byvoorbeeld. Dit is een van die werke wat ek nou aan kan dink.

Wat nog? -- Nee, ek kan nie aan 'n tweede een nou vinnig dink nie, maar nou met u gaan kyk na die werk van Giap as u hom nou daar as 'n grondlegger wil identifiseer.

Ons sal na Giap kom. Wie was Ledwang? -- Nee, ek weet nie.

Wie was Wilfred G. Burchett? -- Nee, ek weet nie.

Wie was Jroge Maravilla? -- Nee, ek ken hom nie. (10)

Wie was Basairhadj Alli? -- Nee, ek weet nie.

Wie was Amilcar Cabral? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Wie was Kwame Nkruma? -- Kwame Nkruma het 'n werk geskryf "Handbook on Revolutionary Warfare". Weer eens is dit geen grondleggende denke wat in die werk van Nkruma bestaan nie.

U het van Che Guevara gepraat. Wie was Albertos Gomez? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

José Manuel Fortumy? -- Nee, ek weet nie.

Wie was José Queillo? -- Ek weet nie. (20)

Wie was Asdrubal Dominquez? -- Nee, ek weet nie.

En wie was Luis Corvalan? -- Nee, ek weet nie.

U sien, as u uself nou as 'n deskundige beskou, moet u seer sekerlik van rewolusionêre oorlogvoering in die algemeen geleer het om determinante vas te stel? -- Nee, ek stem nie met u saam nie.

En beskou u u antwoord as die korrekte manier vir 'n deskundige of 'n persoon wat homself as 'n deskundige persoon dat dit onnodig is om dit te doen? -- Ek het by herhaling vir u gesê dat my terrein wat ek bestudeer het, is bloot (30) die daarstelling van 'n strategiese werkswyse. Nou moet ek

... / miskien

miskien vir u die konteks van strategie net aandui.

Dit sal beter wees as u net die antwoorde ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, ek dink die getuie moet dit beantwoord, want ek begryp nou nog nie presies waar u en hy verskil nie, wat u sê die vak se wydte moet wees en wat hy sê presies die vak se wydte is waarop hy 'n spesialis is nie. Kan u vir my aandui presies wat die verskil is tussen u en mnr. Bizos op die oomblik? -- Die verskil is dat my terrein wat ek bestudeer is die daarstelling van 'n strategiese (10) werkswyse en hierdie strategiese werkswyse kom vanuit die werke van die grondleggers.

Kan ons nou net daar stilstaan. Bedoel u met strategiese werkswyse die manier waarop die mense 'n rewolusie ontketen? -- Dit is al.

Net dit? -- Net dit.

Die veld waarvan mnr. Bizos praat, in watter opsig is dit wyer as wat u besondere deskundigheid dek? -- Dit is 'n veld wat nie spesifiek te make het met die grondleggende determinante nie. Om by 'n werkswyse uit te kom, is dit (20) my terrein om die grondleggende determinante te bestudeer en om te bepaal wat akademici en ander skrywers net ten opsigte van hierdie grondleggende determinante van die grondleggers sê.

Met grondleggende determinante bedoel u daarmee die bestanddele wat in die pot gegooi word om 'n rewolusie te weeg te bring? -- Dit is reg. Met strategie het jy in die eerste plek, skrywers noem dit verskillend, jy het 'n kuns, ander noem dit 'n wetenskap, maar hier het jy 'n bepaalde manier. Ek dink Guevara noem dit self as jy die doelwit (30) bepaal het, dan moet jy net die handelswyse bepaal. So,

... / hierdie

hierdie handelswyse is al terrein waarop ek my begeef. Ek gaan dus nie spesifieke rewolusionêre oorloë bestudeer om hierdie handelswyse in 'n analitiese konteks aan te wend om te bepaal dit is dit, dit is dit, dit is dit van hierdie stryd nie. Dit is 'n tweede komponent van die strategie. Dit wil sê waar die handelswyse geoperasionaliseer word. Daar kan jy dan analities te werk gaan.- Op hierdie stadium wat my terrein betref dan, is dit die daarstelling van die breë handelswyse.

MNR. BIZOS : Moet u nie om die strategiese determinante(10) vas te stel, soveel rewolusionêre oorloë bestudeer nie? -- Nee.

En die teorie van elkeen van daardie rewolusionêre oorloë probeer verstaan in sy idiosiese en ander aspekte nie, voor u tot enige gevolgtrekking kan kom in verband met die determinante? Ja of nee, as u so kan antwoord, asseblief? -- Nee.

Dit is u mening. Kan u die teorie van een of ander van die skrywers toets as u weet wat andere daaroor geskryf het vir komparatiewe doeleteindes? -- Nee, dit is nie die (20) doelwit van my rigting nie. Die doelwit is om 'n breë model daar te stel van handelswyse en dan sou 'n volgende stap wees wat ek as 'n ander spesialiteitsrigting beskou om dan analities daarmee te handel.

U sien, in u hoofgetuenis het u 'n beskrywing van rewolusionêre oorlogvoering gegee. Het u probeer om dit as 'n algemene teorie te doen of net op die beperkte veld waarop u sê u 'n deskundige is? .-- Nee, al wat ek probeer het om aan die Hof te stel is die strategiese handelswyses wat ontwikkel is deur my vanuit hierdie grondleggende (30) denke. Ek het reeds gemeld dat hierdie denke binne die

werke van die grondleggers nie in so 'n spesifieke strategiese lyn gestel is nie. Die elemente is daarin teenwoordig, maar daar bestaan nie 'n strategiese lyn nie.

Ek het gedink om 'n teorie te toets, moet die geleerde professor na die feite kyk. Is dit 'n misverstand van die posisie? -- Wat my betref is dit 'n misverstand.

Ekskuus? -- Wat my betref is dit 'n misverstand ten opsigte van die terrein waarop ek werk.

O, ek sien. Dit is onnodig om na die feite te kyk om die teorie te toets? -- Dit sou 'n volgende spesialiteits-(10) rigting wees.

Ek herinner my van die ou professor aan wie dit uitgewys is dat sy teorie nie ooreenkoms met die feite nie en sy antwoord was "Too bad for the facts." Is dit wat u sê? -- Nee. Miskien moet ek hier die verskil van die antwoord ten opsigte van verdere grondleggende denke noem.

Ek wil op die punt ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Kan hy miskien net die antwoord gee wat hy wou gee.

MNR. BIZOS : Is u nie klaar nie? -- Nee. (20)

Gaan maar aan, asseblief. -- Die Britse Kaptein, Sir Basil Littleheart het 'n indirekte benadering tot militêre strategie daargestel. As gevolg van die feit dat hy onvergenoegd was ten opsigte van die effek van die eerste wêreldoorlog en toe met die tweede wêreldoorlog is hierdie strategie van hom in die praktyk geïmplementeer. As ons verder sou kyk na byvoorbeeld die Italiaanse brigadier, generaal Gilio Doet wat sy sogenaamde beheer in die lug konsep daargestel het. Hierdie beheer in die lug konsep is tot 'n beperkte mate net gedurende die sesdaagse oorlog (30) in die Midde-Ooste in die praktyk gemanifesteer. So,

strategie werk na twee kante toe. Aan die een kant kan jy grondleggende denke hê, wat geformuleer word en hierdie denke kan in die praktyk getoets word. 'n Ander denker bestudeer oorlogvoering. So byvoorbeeld Von Clausewitz wat gekyk het na die Napoleontiese oorloë en op grond daarvan het Von Clausewitz dan sy absolute oorlogvoeringsmodel geformuleer, wat dan in die eerste wêreldoorlog van toepassing gemaak is. So, my terrein lê op hierdie terrein van Gilio Doet. Ek kyk na grondleggende denke om my strategiese lyn daar te stel. (10)

Ongelukkig het u hom nie in u hoofgetuienis genoem nie en ek ken hom nie, maar ek wil vir u vra of u van hierdie boek kennis dra of nie. "Guerrilla warfare and Marxism edited with an introduction by William K. Pomeroy." Ken u die werk? -- Ja, ek dink ek het hom gelees.

U dink u het hom gelees? As ek dit aan u stel dat dit een van die belangrikste boeke van persone was wat Marxisme bestudeer het en met rewolusionêre oorlogvoering te doen gehad het, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Pomeroy se werk? (20)

Pomeroy se werk. -- Ja, ek dink daar is belangrike stukke daarin vervat.

Ek wil net aan u vra, beskou u dit as 'n belangrike werk vir studiedoeleindes? -- Ja.

Ek wil dit aan u stel dat om 'n behoorlike studie van guerrilla-oorlogvoering te maak, dit noodsaaklik is op die akademiese vlak om ten minste die werke van die here wie se name ek genoem het te bestudeer en al daardie name kom voor in die inhoudsopgawe van die boek. Sal u asseblief daarna kyk. (30)

HOF : Is daar uittreksels uit die werk van al daardie

mense in daardie boek of word hulle net genoem?

MR BIZOS : No, there is a critical analysis of all the works in the book. I am corrected, I am sorry, that there are actually extracts which are being edited and commented on. Sal u dit bevestig asseblief en ek sal vra dat dit ingehandig word.

HOF : Dit sal wees BEWYSSTUK AAQ(50). Dit is "Guerrilla Warfare and Marxism - a collection of writings from Carl Marx to the present armed struggles for liberation and for socialism, edited with an introduction by William Pomeroy." Dit is 1969. Dit is nie die hele werk nie. Dit is slegs die inhoudsopgawes plus die dekblad wat ingehandig word.

MNR. BIZOS : Ek wil u vra of u self beskou as 'n bevoor-regte kommentator ten opsigte van die werke van Mao Tse Tung of nie? -- Ja.

Sal u sê dat u alles gelees het wat Mao Tse Tung geskryf het? -- Dit wat tot my beskikking was het ek gelees.

En beskou u self of kan u vir ons sê of u alles gelees het wat De Bray geskryf het? -- De Bray het ek drie werke dink ek van gelees.

Noem hulle, asseblief? -- Che's Guerrilla war, Revolution in the Revolution en - wat is De Bray se laaste een? Dit het my nou ontgaan.

U weet seker dat mnr. De Bray is vir sewe jaar tronk toe gestuur. Waar? -- In Bolivia.

Weet u of hy na daardie ondervinding enigets geskryf het in verband met sy vorige teorieë? -- Na Bolivia?

Nee, na hy 'n kans gehad het om daaroor te dink? -- Ek is nie seker nie. Dit is 1967. (30)

HOF : Dink u nog? -- In sy Revolution in the Revolution

het hy 'n samevatting gegee van die oorloë dink ek in Latyns-Amerika.

Die vraag was iets anders. U het op De Bray staatgemaak nie waar nie? -- Ja. Maar nou moet ek ook vir u sê wat De Bray betref natuurlik is dit grootliks in ooreenstemming met Guevara. De Bray het gekom en die woord foco byvoorbeeld geskep waar Guevara praat van ... (Mnr. BIZOS kom tussenbei)

Het u staatgemaak op De Bray of nie?

HOF : Mnr. BIZOS, u moet die getuie 'n geleentheid gee om die antwoord te voltooi. Antwoord asseblief weer. (10) U het gesê De Bray het die woord foco geskep en toe is u in die rede geval. -- Waar Guevara nog van die "nucleus" praat..

MNR. BIZOS : Ons het 'n antwoord dat u op De Bray staatgemaak het? -- Ja.

En die vraag wat ek u nou vra is, weet u of na De Bray tronk toe gestuur is hy iets oor sy teorieë geskryf het na hy uit die tronk gekom het of gedurende die tydperk wat hy in die tronk was - in elk geval of daar enige boek deur De Bray uitgegee is na hy sy tronkstraf uitgedien het? --(20) Nee, ek weet nie.

As dit wel is dat mnr. De Bray krities van sy vorige teorie is of was na hy sy tronkstraf uitgedien het, dra u geen kennis daarvan nie? -- Of hy krities was ten opsigte van sy vorige teorie? Ja, in Revolution in the Revolution is hy krities ook ten opsigte van ander fasette van die stryd.

Nee, was Revolution in the Revolution geskryf voor hy tronk toe is of daarna? -- Nee, ek kan nie onthou wanneer hy hom geskryf het nie. (30)

Ek praat nie van self kritiek in die Revolution in

the Revolution nie, omdat van Marxiste verwag word, om self krities te wees. Is dit so? -- Krities ten opsigte van die aanvanklike foco.

Ook in die algemeen. Ek wil u vra of u enige kennis dra van enige beskrywing van De Bray van die teorie wat in sy boek Revolution in the Revolution vervat is? -- Nee.

Het u die boek ooit vantevore gesien? -- Wat is sy naam?

Regis de Bray, A critique on arms? -- Nee.

Is u in staat om te erken of te ontken dat dit nou die laaste woord van mnr. De Bray is oor sy teorie? (10)

HOF : Is hy dood?

MNR. BIZOS : Nee.

HOF : Hy kan dus weer van mening verander.

MNR. BIZOS : Sover is dit sy laaste woord. Sy laaste gepubliseerde woord? -- As hy wanneer gepubliseer is?

1977. -- Ja, dit klink vir my of dit sy laaste werk is.

U dra geen kennis van die werk nie? -- Nee,

Maar u het op sy vorige werk staat gemaak en u kan nie in staat wees om nou 'n mening uit te spreek of die oorsprong van u eie teorie korrek is of nie omdat een of ander van(20) die persone waarop u staatgemaak het sy mening verander het nie? -- Die rede waarom ek na De Bray gekyk het, is ter aanvulling van Guevara.

Sal u asseblief na bladsye 232 en 233 van die boek A Critique on arms, volume 1 by Regis de Bray kyk. Dit sal AAQ(51) wees. "None of that is sufficient. What was the basic error or Revolution in the Revolution? The argument put forward ... (Mnr. Bizo lees voort) ... was objectively anything but favourable to a revolutionary offensive." Sal u saamstem dat die woorde beteken dat strategiese studies(30) kan nie in die abstrak behandel word nie? -- U bedoel kan

ek hieruit 'n afleiding maak?

Nee, is dit nie wat mn. De Bray sê in sy laaste werk nie? -- Dat dit nie in abstraksie kan staan nie?

Ek sal probeer om die vraag te herhaal. Stem u saam dat dit mn. De Bray se mening was dat hy voorheen verkeerd was en dat strategiese studies nie bestudeer kan word in die abstrak nie? -- Ja, hieruit sal ek met u saamstem.

En die teenoorgestelde het in sy Revolution in the Revolution voorgekom? -- Hy is ook nie heeltemal konsekwent natuurlik in hierdie werk nie. (10)

Laat ons net 'n antwoord op die vraag kry, asseblief. Die teenoorgestelde was gesê in sy werk Revolution in the Revolution? -- Ja, wat hy hier sê is sy primêre lyn van argumentasie in Revolution in the Revolution, naamlik die foco wat begin met guerrilla-oorlogvoering, dit is nie nodig daar moet 'n rewolusionêre klimaat bestaan nie, maar nou moet ek miskien net terugkom hiernatoe, dat wat betref die strategiese determinante dit nie enkel modelgewys gerig is nie, maar ek poog om 'n geïntegreerde model daar te stel. So, dit wat hier staan word ondervang byvoorbeeld deur (20) Mao wat sê daar moet toestande wees.

HOF : Nee, maar laat ons nou net die ding regstel. Ek het juis begryp uit u hoofgetuienis dat die verskil tussen Mao en Che Guevara en De Bray aan die ander kant is die volgende: Dat by Mao daar 'n klimaat moet wees wat reg is vir rewolusie en dan bou jy op daardie klimaat en bevorder die klimaat en kry 'n rewolusie. -- Dit is reg.

Terwyl by De Bray en Che Guevara jy met 'n nucleus kan begin en daardie nucleus sal self die rewolusie skep deur sy optrede? -- Dit is reg. (30)

Nou blyk dit uit 'n Critique on arms dat De Bray sy

... mening

mening verander het en dat hy sê nee, daar moet daardie ondergrond wees waaarvoor Mao gestaan het? -- Dit is reg.

Dit is heeltemal iets radikaals anders as wat hy vantevore gesê het, lyk dit op die oog af. -- Ja. Daarom sê ek die bepaling van die strategiese determinante in terme van my studie is nie enkel model gerig nie. So, waar dit wegval by De Bray, vul Mao Tse Tung dit aan. Dit is geïntegreerde determinante wat ek poog om daar te stel.

MNR. BIZOS : Is dit nie duidelik vir u dat u as 'n deskundige wat op De Bray se Revolution in the Revolution staat-gemaak het, heeltemal verkeerd was om 'n mening daaroor uit te spreek in 1986 as hy in 1977 sy mening verander het nie? -- Nee. Dit is 'n grondleggende vertrekpunt en met die daarstelling van 'n geïntegreerde model, vul hy bloot 'n bepaalde faset binne die model.

Laat ons net vir die Hof 'n voorbeeld van mnr. De Bray self gee.

HOF : Net voor ons daarby kom. Waar was De Bray operasioneel of was hy bloot 'n teoretikus? -- Hy was 'n waarnemer (20) in Suid-Amerika gewees, optredes saam met Che Guevara.

In watter lande? -- Byvoorbeeld Bolivia.

Was hy in Bolivia? -- Ek dink hy het van 1961 tot 1967 die oorloë waargeneem in Suid-Amerika en dan sy denke is gebaseer op die grondleggende denke van Guevara.

MR BIZOS : Laat ons net 'n bietjie meer detail gee aan Sy Edele in antwoord op sy vraag. Hy was die teoretikus van Che Guevara. Hy het probeer om die teorie van hom in Bolivia in praktiese terme uit te druk en dit was heeltemal onsuksesvol. Dit is so? -- Ja. (30)

HOF : Hoekom was dit onsuksesvol? -- Die foco het nie

... / daarin

daarin geslaag om die stryd te intensifeer nie, maar weer eens moet ek vir u sê dat die bestudering van spesifieke oorloë is nie 'n komponent van my studieveld nie, maar Kuba was suksesvol byvoorbeeld gewees aan die hand an die Guevara model.

MNR. BIZOS : Maar was die sukses van Kuba nie omdat die idees van Castro en Che Guevara oorgedra was terwyl in Bolivia Che Guevara mn. De Bray gehad het as sy denker? -- Nee, as u byvoorbeeld Guevara On Guerrilla Warfare lees, dan sal u sien dat die grondleggende denke reeds daarin(10) vervat is. Ek wil verder gaan cor Guevara en Castro, dat hulle denke was nie werklik so outentiek as wat hulle gedink het nie, omdat in 1958 reken ek, toe hulle 'n werk van Mao Tse Tung in die hande gekry het, het hulle besef dat hulle denke en optrede tot 'n groot mate ooreenstem.

Het u Che Guevara se dagboek ooit gelees? -- Nee.

Is hy nie die voorstaander of vegter of teoretikus in die wêreld beskou nie? -- Nee, Guevara is.

Of was? -- Was.

Hy was doodgeskiet toe De Bray gevang was? Weet u (20) dit? -- Ja, ek weet hy is doodgeskiet.

En is u in staat om te erken of te ontken dat Che Guevara in Bolivia op De Bray se eerste werk staatgemaak het nie? -- Nee, ek weet nie.

Omdat ek dit aan u wil stel dat die vraag wat Sy Edele aan u gestel het dat net dertig of vyftig persone kan 'n suksesvolle rewolusie ontketen, kan nie in die praktyk as 'n ernstige stelling beskou word nie. -- Nee, daar moet ek met u verskil. Ek sou dit as 'n ernstige stelling beskou, dat tot vyftig man 'n foco, 'n rewolusionêre stryd kan (30) ontketen deur middel van guerrilla-oorlogvoering.

Is dit nie - laat ek u vra. Wie is die teoretikus wat die stelling nou gedurende die tagtigerjare voorstel? Wie is dit? -- Watter stelling?

HOF : Is daar nog 'n teoretikus wat die stelling voorstaan dat dertig tot vyftig man 'n rewolusie kan ontketen, nou in hierdie jaar? -- Op hierdie stadium? Nee, nie wat ek van weet nie.

MNR. BIZOS : Wat het van Marighella geword? -- Hoe bedoel u wat het van Marighella geword?

Wat ek vra? -- Marighella het ook gesterf in Suid-(10) Amerika.

Wie is die groepe wat sy teorie probeer in die praktyk gebruik? -- Praat u nou van groepe wat rewolusionêre oorlogvoering toepas?

Ja? -- Of praat u nou suiwer van stedelike terrorisme?

Nee, ek opdraat van sy teorieë, of daar enige groepe is wat probeer om sy teorieë in die praktyk te gebruik? -- In die sestigerjare vind ons dan dat die klem begin verskuif na die stede toe. Ek sal u sê wat elemente betref van die denke van Marighella, nie binne die konteks van rewo-(20) lusionêre oorlogvoering nie, maar stedelike terrorisme word van sy taktiese beginsels gebruik gemaak, byvoorbeeld die klem wat hy lê op sy vuur groepe en so meer, "executions" en daar is verdere interessante fasette wat aanswesig kan wees in rewolusionêre oorlogvoering.

U weet nie watter groepe die teorieë nou gebruik of nie? -- Ek sou die Iers-Republikeinse Leër het elemente hiervan, van die taktiese beginsels van Marighella.

Enige ander voorbeeld? -- Ek sou sê groepe soos byvoorbeeld die Bader-Meinhoff groep het ook hiervan (30) gebruik gemaak.

En waar die Bader-Meinhoff groep of "gang", soos dit in Engels genoem is, opereer in h land waar almal demokratiese regte het? -- Ja.

In Italië die Red Brigades waar almal demokratiese regte het, nie waar nie? -- Ja.

Is dit in daardie lande waar die klein groepies probeer om h teorie te formuleer vir hulle terreur? -- Herhaal, asseblief?

HOF : Laat ons dit duidelik stel. Werk hulle aan die hand van h teorie, die Bader-Meinhoff bende en die Rooi Brigade? (10) -- Nee, ek sou nie sê dat dit die letterlike toepassing van Marighella se model is nie. Daar is elemente in Marighella se model. As ek h voorbeeld kan noem wat nie deur h terroriste groep toegepas word nie, maar wel toegepas kan word deur h rewolusionêre organisasie wat hy noem "street tactics", straattaktiek. Wat straattaktiek betref gaan dit dan oor die demonstrasies van h groot groep mense en hy stel dit byvoorbeeld daarso dat hierdie mense daarvan moet gebruik maak om klippe en bottels na die polisie te slinger om dan h teenoptrede van die polisie te ont- (20) lok. Dit is h element wat h stedelike terroriste organisasie nie sal toepas nie, maar wat rewolusionêre organisasies kan toepas.

MNR. BIZOS : Gedurende die tien jaar studie wat u besig was om te doen, hoe het dit gekom dat u nie De Bray se boek teëgekom het nie? -- Miskien moet ek net vir u daar sê dat wat die tien jaar betref lees ek, ek is besig met h proefskrif vanaf 1983.

Sal u saamstem of is u in staat om saam te stem of dit te ontken dat elkeen van die vyf-en-twintig mense wat (30) in AAQ(50) voorkom, elkeen van die persone sy eie teorie

ten opsigte van rewolusionêre oorlogvoering ontwikkel het of nie? -- Ek kan praat oor die persone wat ek aan u aangedui het en wat ek bestudeer het en waarvan die modelle erken word ook deur akademici.

Sal u sê dat dié wat u bestudeer het elkeen van hulle sy eie teorie het? -- Elkeen van die grondleggers.

Stem u saam? -- Daar is klemverskuiwings, maar daar is 'n groot mate van integrasie en dit is eintlik waar ek wil by uitkom die integrasie van 'n strategiese werkswyse.

Maar as u net twee of drie of net een Mao studeer (10) het, hoe kan u al die vyf-en-twintig mense integreer? -- Ek is nie heeltemal met u nie. Watter vyf-en-twintig mense praat u van? --

Die mense wie se name op AAQ(50) voorkom. -- Nee, omdat ek dit vir u duidelik gestel het, die doel is om grondleggende denke te bestudeer.

Wel, as ek aan u stel dat die teorieë die produk van elkeen se persoonlike ervaring is wat gevorm is gedurende die tyd waarin hulle besig was, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek sal'n na die (20) werke moet kyk, voor ek kan sê dit is so of dit is nie so nie.

U kan nie sê nie omdat u nie die werke bestudeer het nie? -- Ja.

Sal u saamstem dat geeneen van hierdie teorieë vatbaar is vir imperiese evaluering nie? U kan nie Mao Tse Tung se teorieë evalueer nie op 'n imperiese manier? -- Op 'n imperiese manier, ja, indien dit van toepassing gemaak word op 'n spesifieke oorlogvoeringsituasie, dan kan bepaal word is die elemente van die teorie daarin (30) teenwoordig.

Ja, maar kyk, praat ons oor dieselfde ding as ons die woorde gebruik Imperiese evaluering? U is nie in staat om op 'n imperiese manier Mao Tse Tung se teorie te toets nie?

HOF : Bedoel u dat hy saam met Mao in die veld moet wees?

MNR. BIZOS : Ja, of enige ander rewolusionêre oorlogvoering.

HOF : Saam met die Bader-Meinhoff bende stap of so iets.

MNR. BIZOS : Of iemand anders.

HOF : Die antwoord is seker nee. -- Om dit imperies te toets? (10)

MNR. BIZOS : Ja. -- Dit gaan baie moeilik wees omdat jy 'n geheel beeld moet kry van die totale strategiese perspektief.

HOF : Dit sal nie net moeilik wees nie, maar ook geværlik. -- Dit is so.

MNR. BIZOS : Soos mnr. Marighella seer sekerlik uitgevind het.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Terwyl ons by die skrywers is, mag ek miskien net vra, die vraag wat mnr. Bizo aan die getuie gestel het, as ek reg onthou, ken u 'n skrywer met (20) die naam van Josef Brosk. Is dit korrek?

MNR. BIZOS : Ja.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Volgens bladsy 5 van AAQ(50) was die man se volle naam eintlik Josef Brosk Tito?

MR BIZOS : The fact is that Tito was not his name. Frans Brosk was his name and anyone who is at all familiar knows him as Frans Brosk, but Tito was his pseudonym. Josef Brosk.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Die enigste punt wat ek wil maak is die indeks hierso praat van Josef Brosk Tito. Met (30) ander woorde, hy is gelys as Tito en nie as Brosk nie.

MR BIZOS : The only point that I wanted to make is that anyone that knew anything about Mr Tito would know that his real name was Frans Brosk or Josef Brosk and that Tito was his nickname. That is the only point that I wanted to make.

HOF : Net interessantheidshalwe, Mnrx. Bizo, terwyl ons tog nou so 'n bietjie afwyk. Is hierdie 'n verbode werk hier in die land of kan 'n mens hom kry, die "Guerrilla Warfare and Marxism"?

MNR. BIZOS : Dit is 'n verbode werk. Al die werke (10) waarvan u melding gemaak het, is verbode werke in Suid-Afrika en die universiteite het kopieë vir studiedoeleindes en al die boeke kan nie verkry word in die boekwinkels nie?  
--- Ja.

Jan Publiek kan die boeke niekry nie? -- Nee.

Ek wil dit aan u stel dat daar geen wetenskaplike kortlys is vir die metodes of kenmerke van 'n rewolusionêre oorlog nie omdat daar so 'n groot aantal veranderlikes is in die gebied. Sal u saamstem? -- Die toepassing van 'n spesifieke model of modelle word bepaal deur veranderlikes (20) in die gebied.

En ek wil sekere van die veranderlikes onder u aandag bring. Die aard van die terrein, byvoorbeeld of dit nou bosveld of woestyn of oerwoud is. Stem u saam? -- Dit is wat guerrillataktiek bepaal.

Die samestelling van die bevolking? -- Ja.

Die lewensstandaarde van die bevolking en hulle standaard van opvoeding? -- Ja.

Die kulturele agtergrond van bevolking? -- Ja-

Die balans van die sterkte van die onderskeie (30) magte? -- Ja.

Die aard en omvang van die bevolking se grieve? -- Ja-

Die bestaan, al dan nie, van die demokratiese instellings binne die samelewing? -- Ja.

Die bevooroordelheid al dan nie van 'n regsbank in die krag van die regsprofession? -- Ek weet nie. Dit is moeilik om te sê wat die bepalende faktor sal wees.

Ons sal sekere voorbeelde aan u later gee in dié verband. Die feit dat die bevolking demokratiese ideale koester en of hulle maar neig om die gesag van een kabaal van linksgesindes of 'n junta van Suid-Amerikaanse kolonels te aanvaar? -- (10) Ek weet nie of Suid-Amerikaanse Kolonels 'n belangrike faktor gaan wees nie.

'n Junta van kolonels. Laat ons die Suid-Amerikaanse deel daarvan uitlaat. Het u nou hier met die problematiek van die militêre diktatuur te make?

Nee, ek wil nie daarop ingaan nie. Wat ek wil sê is dat die demokratiese ideale wat deur 'n gemeenskap gekoester is of nie, byvoorbeeld Hongarye het net 'n demokratiese regering gehad vir drie jaar tussen 1945 en 1948. Verstaan ek. -- U bedoel die ideale van die bevolking, is dit 'n bepalende (20) faktor?

Ja. -- Ja.

Die rol wat deur kerklike liggeme in die gemeenskap gespeel word? -- Dit kan 'n bepalende faktor wees. Marighella stel dit ook baie duidelik in sy "Mini Manual" dat kerkleiers belangrike mobiliseerders is in die rewolusionêre stryd. So, dit is 'n bepalende faktor.

In die gemeenskap oock. -- Ja en dit is die rede hoekom hy sê .

Ek wil aan u stel dat daar is soveel teorieë as wat (30) daar geweldige rewolusies was -gewelddadige rewolusies was.

-- Is dit na aanleiding van wat u nou daar genoem het?

Ja. Vir elke gewelddadige rewolusie is daar nog 'n teorie. -- Vir elke gewelddadige rewolusie?

Ja, daar is nog 'n teorie van 'n rewolusionêre oorlogvoering? -- Nie in onafhanlike teorie nie. Ek sou nie daarmee saamstem nie. Nie 'n nuwe teorie nie. Dit kan klemverskuiwings wees vanuit die basiese vertrekpunte.

Hoeveel rewolusies het u bestudeer? -- Spesifieke rewolusionêre oorloë?

Nee, behalwe die een in China waar u sê dat u die (10) werke van Mao bestudeer het, watter ander rewolusie het u bestudeer? -- Ek bestudeer nie spesifieke rewolusionêre oorloë nie.

Kan u dus nie sê of elke gewelddadige rewolusie sy eie teorie het of nie? Omdat u dit nie bestudeer het nie? -- Nee, ek sou nie saamstem dat daar 'n nuwe teorie vanuit elke rewolusie ontwikkel nie.

Hoe is u in staat om dit te sê as u net een rewolusie bestudeer het? -- Nee, die verwysing na China was ook as gevolg van die akkommodering van Mao Tse Tung se denke. (20)

Wil u enigets verder byvoeg? -- Ja, ek wil byvoeg dat wat die strategiese determinante betref van rewolusionêre oorlogvoering daar net enkele modelle is, soos wat akademici wel ook aandui.

Kyk, u het net die werke van Mao Tse Tung bestudeer. As ons dit aanvaar, hoe kan u sê of toets dat die ander gewelddadige rewolusies ander teorieë van gebruik gemaak het? Hoe toets u dit? -- Dit kan alleen getoets word aan diehand van 'n analise van 'n rewolusionêre stryd en bepaal watter teorie is van toepassing, al dan nie. (30)

Maar u het dit nie gedoen nie? -- Nee, ek bestudeer nie

... / rewolusionêre

rewolusionêre ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

So u kan geen mening daaromtrent gee nie? -- Of daar nuwe teorieë ontwikkel?

Ja. -- Ja, dit sal moeilik wees om 'n mening te gee.

Ek wil u vra of daar 'n vergelykende diagnostiese metodiek bestaan wat u in staat sal stel om te onderskei om vas te stel of 'n nie-gewelddadige politieke daad gepleeg is op aandrang van 'n rewolusionêre organisasie of op aandrang van alhoewel radikaal nie-rewolusionêre organisasie?

HOF : Kan u diagnosties bepaal aan die hand van wat u sien(10) of dit deur 'n rewolusionêre of 'n bloot radikale organisasie aan die gang gesit is? -- Bloot aan die hand van wat waargeneem word?

Ja. -- Nee.

MNR. BIZOS : Om dit heeltemal duidelik te maak. Gestel daar is 'n beroep deur 'n organisasie op die bevolking om 'n verkiesing te boikot. Sal u saamstem dat die beroep afkomstig kan wees van kaders van 'n rewolusionêre organisasie om die rewolusionêre organisasies se doelwitte te ondersteun? -- Ja.

Of die beroep kan afkomstig wees van 'n politieke party (20) wat nie met die rewolusionêre organisasie assosieer nie, maar wat die instelling waarvoor die verkiesing gehou word as oneffektief beskou? -- Ja, hier dink ek net moet ons die onderskeid maak wat is die metode wat gevvolg word en hoe pas so 'n aksie binne die geheel konteks in.

Nee, van die feit self. 'n Beroep om 'n verkiesing te boikot, kan deur 'n rewolusionêre organisasie gedoen word? -- Of 'n politieke party.

Of 'n organisasie wat poog om deur nie-deelname aan die verkiesing die geldigheid daarvan in twyfel te trek? -- Ja. (30)

En dit is wat ons kry wanneer persone, alhoewel hulle

... / klaarblyklik

klaarblyklik demokratiese regte het, die mense, 'n groot deel daarvan, voel dat daar bedrog in die verkiesing is, ensovoorts. Hulle sê ons sal nie aan 'n driftige verkiesing deelneem nie.

-- As die mense spontaan dit sê?

Nee, dit is net 'n oproep. U sal nie kan sê of dit 'n oproep van 'n rewolusionêre organisasie is en of dit net van 'n party is of van 'n groep mense of 'n organisasie in die samelewing nie? -- U sal moet bepaal dan hierdie optrede, is dit geïsoleerd of is dit deel van ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, u praat as 'n deskundige akademikus. Kan u van (10) die oproep self vasstel ... -- As ek net die oproep hoor, maar ek weet nie wie is verantwoordelik vir die oproep nie en watter verdere aktiwiteite hy mee besig is nie.

Nee, van die oproep self. U sal nie kan sê nie? -- Nee, dan sal ek nie kan sê nie.

Ek wil aan u stel dat op dié terrein van boikot politiek waarin 'n lang tradisie van boikot politiek is, dit onnodig is vir mense om deur 'n rewolusionêre organisasie gesê te word om deel te neem aan 'n boikot, nie waar nie? In die abstrakte? -- In die abstrakte as daar 'n lang geskiedenis daarvan is, (20) ja.

Omdat mense hoor van hulle ouers en grootouers en vriende en hulle onderwysers en politici en agitators en almal van die tradisie van boikot politiek, nie waar nie? Ek sien dat u 'n meestersgraad het in staatsleer en u is seer sekerlik - u dra kennis van die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika, nie waar nie? -- Ja.

Weet u hoe ver terug die boikot van verkiesings in ons land teruggaan? -- Nee, ek weet nie.

Het u ooit die "Smuts papers" "Selection from the (30) Smuts papers volume 2 June 1902 to 1910" gelees? -- Nee.

... / Weet

Weet u of die leiers van die tweede vryheidsoorlog,  
soos dit genoem is ... -- Die Anglo Boere-oorlog.

K414 Die terminologie verskil ook van wie dit gebruik,, nie  
waar nie? -- Ja. Ek wou net hê dat u heeltemal reg verstaan.

Weet u dat Lord Milner Smuts, Botha en Delarey genooi  
het om deel te neem aan 'n wetgewende raad kort na daardie  
oorlog? -- Nee.

Weet u wat u die drie generaals aan Lord Milner gesê  
het? -- Nee, ek weet nie.

As akademikus sou u seer sekerlik aanvaar dat die (10)  
akademici W.K. Hancock en Jean van der Poel van die Universi-  
teit van Canberra aan die een kant en die Universiteit van  
Kaapstad aan die ander kant historici is wat aanvaar kan  
word? Ten minste deur akademici in Suid-Afrika, nie waar  
nie? Sal u dit aanvaar? -- Ja, Hancock het ek al van gehoor.

Ek wil aan u lees - I will hand it in as EXHIBIT AAQ(52).  
COURT : AAQ(52) is selections from the Smuts papers volume 2  
edited by Hancock and Van der Poel, 1966.

MR BIZOS : I do not intend reading the whole of it, only  
certain selected passages from this but it is there if the (20)  
witness and the Court wants to check.

Sal u asseblief op bladsy 212 kyk waar die antwoord  
na Lord Milner gestuur is en aan die begin van bladsy 80 -  
nee, ek is jammer, wat is die nommer? -- Ek dink dit is  
volume 2 hierdie.

Dit is bladsye 80 en 81 waar die drie generaals aan  
Lord Milner respek toon. Dan kom ons by die einde van bladsy  
81 "The existed nominated council of this country ... (Mnr.  
Bizos lees voort) ... than will no way lessen it." Dan wil  
ek verder van die brief van 7 Februarie 1903 lees van die (30)  
begin van bladsy 85 "We have not been invited in our personal

... / capacity

capacity ... (Mnr. Bizos lees voort) ... which is not elected by the people, but appointed by the government." Dan wil ek 'n verdere uittreksel lees van bladsy 95. Dit is 'n brief wat deur generaal Smuts aan Merriman en ons weet mos wie John X. Merriman was, nie waar nie? Wie was dit? -- Nee, ek weet nie.

Mnr. Smuts skryf "Our legislative council has so far excited very little public attention. The councillors as well as the public know that they are mere puppets in a play in which destiny is the only real actor." Sal u aanvaar dat(10) daar ten minste in 1903 'n tradisie van boikot politiek in Suid-Afrika begin het? -- Uit hierdie blyk dit vir my dat daar 'n weiering was om samesprekings te voer.

Nee, dit is duidelik dat hulle weier om die antwoord van Lord Millner te aanvaar om by die raad - dat hulle weier om die uitnodiging te aanvaar en lede van die raad te word. Sal u saamstem dat ten minste van 1903 af 'n tradisie van boikot politiek in Suid-Afrika begin bestaan het? -- Is dit bloot om deelname aan hierdie raad te aanvaar?

Ja. -- Nee, ek sou dit nie as boikot politiek beskou(20) nie, want hier het ons met 'n oorlog te make gehad.

Die oorlog is oor? -- Dit is so, maar dit is net na afloop van 'n oorlog wat hier nou 'n uitnodiging gerig word. Ek sou dit nie as boikot politiek beskou nie.

As ons boikot politiek was om te weier om in die raad te dien, as dit die definisie van boikot politiek is, was daar boikot politiek van 1903 af? -- Dit kan miskien u standpunt wees, maar ek sien dit nie so nie.

Ons sal sekere verdere voorbeelde aan u gee. Sal u vir ons sê of u enige kennis dra of Swartmense in boikot (30) politiek deelgeneem het lank voor enige rewolusionêre

organisasie in Suid-Afrika bestaan het? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Dra u kennis of gedurende 1936 enige aanbod gemaak is aan Swartmense in Suid-Afrika deur die koalisie van generaals Hertzog en Smuts om deel te neem aan die politieke proses in Suid-Afrika of weet u nie? -- Wanneer is dit?

1936. -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Was geskiedenis nooit een van u vakke nie? -- Nee, ek het nie geskiedenis bestudeer nie.

Hoe kan 'n persoon - ek sal dit daar laat. Weet u of (10) daar enige aanbod aan die Swartmense van Suid-Afrika in 1949 gedoen is deur die Malan Regering om deel te neem aan enige politieke stelsel? -- Nee.

Of dit in 1950 weer gedoen is? -- Nee.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

LUKAS CORNELIS ANDRÉ PRUIS, nog onder eed

KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mn. Pruis, as ons u getuienis goed verstaan het, blyk dit of 'n rewolusionêre organisasie mag 'n oproep doen vir 'n staking of (20) miskien wat ook bekend is as 'n weg'bly-aksie, nie waar nie?

-- Ja.

Dra u enige kennis van die geskiedenis van stakings en weg'bly-aksie in Suid-Afrika voor daar enige rewolusionêre organisasie in Suid-Afrika was? -- Nee.

Laat ek - sal u saamstem dat daar wel - as daar wel stakings en weg'bly-aksies was vir politieke doeleindes, en dit in 'n land gebeur waar daar 'n lang tradisie van stakings en weg'bly-aksies is, dit onmoontlik sal wees van die feit dat daar 'n weg'bly-aksie of staking is om vas te stel of dit(30) deur 'n rewolusionêre organisasie is of as gevolg van die

tradisie. Stem u saam? -- Nee, as bepaal kan word as gevolg waarvan vind die staking plaas, byvoorbeeld as gevolg van mobilisering, u sien hier moet ons in gedagte hou dat binne 'n rewolusionêre stryd 'n stakingkomponent vorm om die uit-eindelike doelstelling te verwesenlik, naamlik 'n politieke magsoorname. So, dit is net instrumenteel. As jy net die staking waarneem, ek sien 'n staking, dan gaan dit maklik wees om te bepaal.

Moeilik, onmoontlik wees om te bepaal, nie waar nie? -- Dit is reg. (10)

Ek wil dit aan u stel dat daar in Suid-Afrika 'n lang tradisie van stakings en weg'bly-aksies is en ek wil vir u 'n paar voorbeelde gee. Waaroor het die Blankes in 1913 van die werk weggebly. Weet u? -- Nee.

Of in 1922? -- Nee.

En waarom die Swartmynwerkers in 1940 van die werk weggebly het. U weet nie? -- Nee.

Laat ons kom by die jaar 1951. Was daar 'n weg'bly-aksie van die Kleurlinge in die Kaap? Weet u daarvan? -- Nee.

Weet u dat daar 'n verdere weg'bly-aksie deur die Kleur-(20) ling was in 1951 omdat hulle gedreig was dat hulle stemreg van hulle weggeneem sou word? Weet u daarvan? -- Nee.

Weet u of daar 'n weg'bly-aksie in 1957 was? -- Nee.

Omdat daar 'n poging aangewend was om hulle te verskuif?

HOF : Is dit nou Kleurlinge?

MNR. BIZOS : Kleurlinge. U weet niks daarvan nie? -- Nee.

Wat van die Swartmense in 1958, 60 en 61? Het u geen idee van weg'bly-aksies wat deur Swartleiers van wettige Swartorganisasies geroep is vir politieke doeleteindes. U weet niks daarvan nie? -- Nee. (30)

So, as ek aan u stel dat daar 'n lang tradisie vir

allerhande politieke doeleteindes geroep was, byvoorbeeld "Pound a day"? Het u ooit van daardie slagspreuk gehoor? U sal seker ook sê dat busboikotte kan deur 'n rewolusionêre organisasie gebruik word vir sy eie doeleteindes? -- Ek kan.

Weet u hoeveel stakings daar was - busboikotte daar in Suid-Afrika was tussen die jare vanaf Desember 1948 tot Mei 1961? -- Nee, ek weet nie hoeveel nie.

En as ek aan u stel dat daar oor die veertig busboikotte was gedurende daardie tydperk, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- As u dit vanuit 'n aanvaarbare (10) bron staaf, dan sou ek dit aanvaar.

Dit is 'n goeie idee om dit deur u te bewys. Sal u asseblief kyk na "Working Papers in Southern African studies volume 2 edited by P. Bonner and published by Raymond Press in Johannesburg" en sê of u dit aanvaar as 'n deel van ons geskiedenis wat daar genotuleer is?

HOF : Hoe gaan dit my help, mnr. BIZOS? Hierdie persoon is klaarblyklik nie 'n deskundige op die geskiedenis nie.

MR BIZOS : I would submit with respect that if the State puts up an expert ... (Hof kom tussenbei) (20)

HOF : U kon dit net sowel aan enige polisieman gestel het.

MR BIZOS : If the witness says that the political activity in South Africa that he has is confined to that of a policeman, I would not have any more questions, but he has set himself up as an expert and I ... (Hof kom tussenbei)

COURT : Not on this aspect. This gentleman does not even know who John X. Merriman is.

MR BIZOS : It was a matter of some surprise to me, but with the greatest respect, our submission is going to be ... (court intervenes) (30)

COURT : I have no objection to you putting it to this witness

but you can take it for granted that until it is properly proved I would not take cognisance of it.

MR BIZOS : But we do not want to be - we want to tender this at this stage, because we submit that he cannot confine himself to a little pigeon-hole that these are sociological, political and historical questions which cannot be - opinions cannot be expressed in the abstract.

COURT : As long as you are under no misapprehension as to the force of what you are putting.

MR BIZOS : We will bear that in mind and we will prove (10) it in due course.

Sal u aanvaar dat daar genotuleer is dat daar meer as veertig busboikotte genotuleer was gedurende die periode waarvan ek melding gemaak het? -- Ek het nie getel nie, maar ek sien hier is 'n hele aantal wat hier genotuleer is.

COURT : This will go in as AAQ(53). It is "Working Papers in Southern African studies, volume 2, P. Bonner."

MNR. BIZOS : Kan ons verder gaan met die ander aspek en dit is in verband met betogings. Sal u saamstem dat betogings 'n deel van ons politieke lewe in Suid-Afrika is? -- As u (20) spesifieke voorbeeld kan noem.

Kan u aan geen betogings dink in ons geskiedenis nie?

-- Nee.

Kan u aan geen betogings dink in die geskiedenis van Suid-Afrika nie? -- Nee, ek kan nie aan betogings dink nie.

U kan aan geen betoging in die geskiedenis van Suid-Afrika dink soos u daar staan nie? -- Nee.

Wat van massa vergaderings? Is dit 'n deel van die samelewning van die mense in Suid-Afrika? -- Massa vergaderings, ja. Ek het al in koerante gesien daar word gerapporteer (30) oor massa vergaderings.

Is dit nie deel van die politieke lewe in ons land nie?  
-- Die politiek word uit die aard van die saak deur middel  
van vergaderings gedryf.

Wat van die publikasie en verspreiding van pamflette  
en plakkate? Is dit ook nie 'n deel van ons politieke lewe  
in die land nie? -- Ja, dit is.

En van die publikasie van boeke met politieke idees  
daarin? -- Ja.

Ek wil u vra of u saamstem dat wanneer tradisionele  
deelname en boikotte in 'n samelewing plaasvind voordat (10)  
die rewolusionêre organisasies begin het met rewolusionêre  
aktiwiteite, dat dit heeltemal onmoontlik sal wees om vas  
te stel aan die hand van die daad op sigself hoekom en op  
wie se aandrang die daad gepleeg is. Sal u met daardie  
stelling ... -- U meen die waarneming van die daad?

Ja? -- Ja.

Sal u saamstem as 'n persoon wat 'n meestersgraad in  
staatsleer het dat ekstra konstitusionele aktiwiteite nie  
gelyk gestel kan word aan rewolusionêre aktiwiteite nie?

-- Suiwer buite parlementêre aktiwiteite. (20)

Wel, ekstra konstitusioneel of buite parlementêr, is  
daar 'n verskil tussen buite parlementêre en ekstra konsti-  
tusioneel? -- Byvoorbeeld 'n kulturele organisasie se aktivi-  
teite kan buite parlementêr wees. Daar is verskeie organisa-  
sies wat buite parlementêre kan optree.

Sal u saamstem dat 'n rewolusionêre organisasie tesame  
met 'n massa gemeenskapsorganisasie in dieselfde samelewing  
kan bestaan? -- Suiwer hipoteties?

Suiwer hipoteties? -- Ja. Ek vra is dit suiwer hipo-  
teties. (30)

U praat as 'n deskundige en ek vra u as 'n deskundige

of 'n rewolusionêre en 'n massa gemeenskapsorganisasie in dieselfde samelewing kan bestaan of nie? -- Ja, as daar geen verbintenis tussen hulle is nie.

Maar hulle kan bestaan? -- Ja.

Sal u saamstem daar 'n oorvleueling tussen die beleide van die rewolusionêre organisasie en die massa gemeenskapsorganisasie kan plaasvind? -- Dit kan plaasvind, ja.

Stem u saam dat daar dikwels geen verskil bestaan tussen die beleide van die rewolusionêre organisasie en 'n massa gemeenskapsorganisasie en 'n politieke party nie, buiten (10) dat die eersgenoemde, dit wil sê die gewelddadige organisasie jammer, die rewolusionêre organisasie op 'n gewelddadige manier optree? -- Ja.

Ek weet dat u gesê het dat logika was nie een van die kursusse wat u nagegaan het nie, maar ek wil vir u 'n baie eenvoudige voorbeeld gee. Weet u wie Henrico Belingwe was? -- Nee.

Hy was die leier van die Kommunistiese Party in Italië en u weet seker wie die Pous is? -- Ja.

As die Pous sê die Italiaanse werkers moet groter (20) lone kry en ek wil u verseker dat die Pous so van tyd tot tyd gesê het en mnr. Belingwe ook in die eerste paar jaar van 1980 gesê het die Italiaanse werkers moet beter lone kry. Altwee van hulle sê dieselfde ding. Die een is die sekretaris-generaal van die Kommunistiese Party en die ander een is die Pous, maar hulle sê dieselfde ding, beteken dit dat die Pous 'n kommunist? -- Nee, hoegenaamd nie.

Ook nie dat mnr. Belingwe 'n Katoliekgeword het nie? -- Nee.

Ook nie? -- Nee. (30)

Met daardie logika wil ons u getuienis benader. Sal u

saamstem dat daar in die nabygeleë verlede talle voorbeeld bestaan van saambestaan, soos reeds genoem, met slegs die een verskil in die wyse dat die onmiddellike doel bereik word? Het u dit verstaan? -- Ja, die metode.

En ek wil aan u 'n paar voorbeelde gee. Was daar 'n rewolusionêre organisasie in Indië voor 1984? -- Ek weet nie.

Weet u nie dat die Kommunistiese Party in Indië 'n rewolusionêre organisasie was in 1948 nie wat met geweld die Britte uit Indië wou jaag? -- Nee.

Weet u wat die Congress Party was? -- Die Kongres Party? (10) Kongres Party, Congress Party? -- Waar lokaliseer u die kongres?

In Indië. Ons is nog in Indië. -- Nee.

Weet u wat die Congress Party was? -- Nee.

Weet u wie sy leier was? -- Nee.

Het u ooit van Jabalal Nero gehoor? -- Nee.

Weet u wat die beleid van die Kongres Party van Indië was in verband met dieselfde eis van die Kommunistiese Party? in verband met die afwesigheid van die Britse rajahsda(?)? --(20) Nee. (20)

En as ek dit aan u stel dat hulle net dieselfde ding wou gehad het dat die Britte wou padgee, het u dit nie geweet nie? -- Nee.

En dat die een 'n rewolusionêre organisasie was volgens die definisie omdat dit geweld gebruik het. Die Congress Party het nie geweld gebruik nie. Mn. Nero het saam met Lord Mountbatten geëet en gedrink. U weet niks daarvan nie? -- Nee, ek weet nie.

Laat ons Israel as 'n verdere voorbeeld kry. Was daar(30) 'n rewolusionêre organisasie teen die Britte in Palestina (30) soos hulle dit destyds genoem het? -- Nee, ek weet nie.

Was daar 'n demokratiese gemeenskapsorganisasie in daardie land voor 1948? -- Ek weet nie.

Weet u of albei van hulle dieselfde ding wou gehad het? -- Ek weet nie.

Het u ooit van mnr. Ben Gurion gehoor? -- Ja, ek het darem van hom gehoor.

Wat was hy voor 1948? -- Ek weet nie wat was hy voor 1948 nie.

Watter rol het hy gespeel in die stryd van die Jode om 'n onafhanklike staat te kry? -- Ek weet nie. (10)

Het u ooit van mnr. Menagin Begin gehoor? -- Ja, darem.

Wie was hy voor 1948? -- Ek weet nie.

Ek wil dit aan u stel dat mnr. Ben Gurion was die leier van 'n organisasie wat die Gaghana(?) genoem was, wat die arbeidsparty was wat die stryd teen die Britte gevoer het en dat mnr. Ben Gurion - jammer Menagin Begin die leier van 'n rewolusionêre organisasie was. Dra u kennis daarvan? -- Nee, ek dra nie.

Dit was die Irguntswileumi. Weet u of een of ander van hulle beweer het dat hy alleen verantwoordelik was vir die sukses van die stryd teen die Britte? -- Nee. (20)

Weet u of hy presies dieselfde beleid gehad het dat die Britte moet padgee? -- Nee, ek weet nie.

Laat ons nou 'n bietjie na die huis toe kom. Het daar 'n rewolusionêre organisasie gedurende die jare 1939 tot 1942 in Suid-AFrika bestaan? -- Nee, ek weet nie van so 'n organisasie nie.

Het u nooit van die Ossewa Brandwag gehoor nie? -- Ek het gehoor van die Ossewa Brandwag, ja.

Was dit nie 'n rewolusionêre organisasie nie? -- Ek (30) dink nie ek kan hom beskou in die ware sin van die woord as 'n

... / rewolusionêre

rewolusionêre organisasie nie.

Waarom nie? -- Omdat die totaal strategiese werkswyse soos wat ek dit aan die Hof verduidelik het nie geïmplementeer is nie.

Wel, was daar nie 'n poging om dit te implementeer nie? -- Nee, ek weet nie.

U weet nie? Wel, het hulle geweld gebruik? -- Ek dink nie ek kan onthou of die Ossewa Brandwag wel geweld gebruik het nie.

Of het dit miskien 'n militêre vleuel gehad? -- Ek (10) weet nie of die Ossewa Brandwag 'n militêre vleuel gehad het nie.

Was daar geweld tussen 1939 en 1942 hier in Suid-Afrika? -- Ja, ek het al gelees dat daar geweld was.

Deur 'n organisasie wat van buite geld gekry het? -- Ek weet nie daarvan nie.

En met duikbote gewere en ammunisie by Suidwes-Afrika se kus afgelaai het. Het u nooit daarvan gehoor nie? -- Praat u nou spesifiek van Robbie Leibrandt?

Ja, hy was een van die leiers.-- Ek het al gelees dat(20) duikbote wapens afgelaai het.

Waa Waaroor het hulle gekla? Weet u? -- Nee, ek weet nie.

Wat was die beleid? -- Ek weet nie. Ek het hom beskou as 'n kulturele organisasie.

Is dit die werk van 'n kulturele organisasie om 'n regering te probeer oorreed ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is u reg wat die feite betref? As u die saak van REX v LEIBRANDT lees dan sal u merk dat daar gesê word dat die Ossewa Brandwag nie deel wou hê aan Robbie Leibrandt se gevaaarlike taktieke nie. Dit is 1944 (AD) (30)

MNR. BIZOS : Ek weet van die saak, maar toe Robbie Leibrandt

in 1944 teruggekom het en dit geblyk het of die geallieerde des die oorlog gewen het, was daar miskien 'n verandering van beleid, maar dit is waarom ek van 1939 tot 1942 gesprek het.

HOF : Wel, ek was nie op die toneel toe nie, maar gaan maar voort, mnr. Bizos.

MNR. BIZOS : Het hulle nie spoorlyne opgeblaas nie? -- Ek weet weer eens nie of u dit kan koppel aan die Ossewa Brandwag nie.

In elk geval, was daar 'n rewolusionêre organisasie gedurende die jare 1939 tot 1942 wat spoorlyne opgeblaas (10) het, wat 'n bom hier by die poskantoor in Benoni geplaas het en allerhande geweld gepleeg het om die regering te oortuig om nie saam met die - met Brittanje teen Duitsland te veg nie? -- Ek sou dit nie as 'n rewolusionêre organisasie volgens my strategiese werkswyse klassifiseer nie.

Maar wat is "missing"? Wat is nie daar nie? -- Hierdie totale lyn wat ek aan u deurgetrek het bestaan nie daar nie.

Wat is daar wat afwesig is? -- As u byvoorbeeld nou vir my sê dat die doelwit was om die regering te oortuig dat daar nie aan die oorlog deelgeneem moet word nie, is dit nie die (20) doelwit van 'n politieke magsoornname nie, wat wel afwesig is. Ek wil weer eens terugkeer na wat 'n rewolusionêre organisasie beteken in die sin dat 'n spesifieke strategiese lyn gevvolg moet word. U maak melding hier van enkele dade en u klassifiseer dan organisasies as rewolusionêr aan die hand van enkele dade. Dit is na my mening nie korrek om die terme rewolusionêre organisasie in so 'n konteks te gebruik nie.

Dit was 'n gewelddadige organisasie? -- Maar nie 'n gewelddadige proses gemik op die daarstelling van 'n ander soortige politieke en sosiale orde binne 'n spesifieke (30)

daad nie.

Is u seker daarvan? -- Wat ek al gelees het oor die Ossewa Brandwag ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Maar het u nie mnr. Van Rensburg se boek gelees wat daar in u deel van die wêreld gekom het nie? -- Nee.

Weet u wie mnr. Van Rensburg was? -- Praat u nou van die hoofleier van die Ossewa Brandwag?

Ja. U sien, gedurende daardie tydperk het u die boek "The rise of Afrikanerdom" By Piet Dungba Moodie wat deur die University of California Press uitgegee is ooit gelees? (10) -- Nee.

Sal u dit net voor u neem, asseblief. Sal u aanvaar dat mnr. Van Rensburg 'n historikus van Suid-Afrikaanse geskiedenis is?

HOF : Dit sal AAQ(54) wees. -- Die outeur is nie aan my bekend nie.

MNR. BIZOS : Wel, ek wil aan u stel dat hy 'n gerespekteerde historikus is, 'n geskiedenisskrywer van Suid-Afrikaanse geskiedenis. Sal u dit aanvaar? -- Ja.

Sal u asseblief na bladsy 182 kyk. Daar is 'n aanhaling (20) van N.G.S. van der Walt van sy dagboek op 13 November 1938 "Last week I was in Johannesburg for important matters. (Mnr Bizos lees voort) We will make every effort to get the people thinking in that direction." Is 'n organisasie wat mense aanbied om aan 'n coup d'état deel te neem 'n rewolusionêre organisasie of nie? -- Om mense aan te hits om aan 'n staatsgreep deel te hê?

Is dit dieselfde as 'n coup d'état? -- Ja.

En as mnr. Van der Walt nou die waarheid in sy dagboek geskryf het, kan ons aanvaar dat ten minste van 1938 af (30) daar die idee was van 'n coup d'état in embrio, om dit so te

stel? -- Dit is die gedagte van 'n enkele persoon wat u nou hier voorhou aan my.

Maar wie was mnr. Van der Walt? Het hy nie sy idees in die praktyk uitgeoefen nie? -- Ek kan nie daarvoor instaan nie.

Weet u nie wie mnr. Van der Walt was nie? -- Nee.

Het u geen idee nie? -- Nee.

U sê dit is net die idee van een persoon, maar is dit nie die idees van Marighella en Mao en die ander nie? -- Wat my studies van Mao betref is dit die grondlegger van (10) 'n spesifieke oorlogvoeringstipe wat ek darem nie kan gelykstel aan 'n enkele indiwidu se mening nie, wat nie die grondleggende denke geformuleer het nie.

Gedurende daardie selfde periode , wat was die destyds - wat was die beleid van die destydse nasionale party? Weet u? In verband met die kwessie van die oorlog? Wat was die beleid? -- Ek weet nie wat die beleid was nie.

Was dit nie dieselfde as dié van die Ossewa Brandwag nie? -- Ek weet nie.

Ek wil dit aan u stel dat die beleid dieselfde was (20) behalwe dat die nasionale party dit op 'n vreedsame manier gedoen het en die Ossewa Brandwag op 'n gewelddadige manier en die twee het op dieselfde terrein bestaan. Is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Nee, ek is nie in staat nie.

Van dieselfde boek, omdat u van propaganda gepraat het en van inligting en ander aspekte, wil ek van bladsy 169 aan u lees en ek sal u vra of die propaganda of inligting is of hoe u dit beskou. Ek wil begin met die passasiet netr onder die middel van die bladsy. "No systematic attack on ... (30) (Mnr. Bizos lees voort) trying to unite all organisations

of the Afrikaner people under a single direction." Ek wil dit aan u stel dat die idee van 'n "united democratic front" ook baie oud in die Suid-Afrikaanse tradisie is en dit is wat mngr. Meyer geskryf het. "Not only would the Afrikaans churches ... (Mnr. Bizos lees voort) in order to reintegrate them in the organic unity of the volk". Sal u saamstem dat dit 'n klassieke beroep vir 'n United front is? Verenigde Front as u wil. Ek dink waarna ons hier moet kyk is dat dit gaan oor 'n bepaalde kulturele aspek. Die begrip "volk" wat 'n kulturele uitdrukking is, word baie duidelik daar (10) gebruik.

Wat is die verskil tussen volk en people? -- As ons praat van volk het dit 'n bepaalde kulturele betekenis. Wanneer ons praat van die nasie, het dit 'n staatkundige betekenis. Diemense binne die grense van die betrokke staat, maar hierdie gaan suiwer oor die saamgroepering van mense ten opsigte van kultuur.

Net kultuur? -- Wel hier staan spesifieke van die vorige bladsy waar u vir my gelees het dat dit gaan oor die FAK, die gaan oor volkseenheid, eenheid van 'n volk en die laaste (20) woord wat u daar gebruik het, was weer volk.

Die FAK sou net 'n deel daarvan wees, maar in elk geval daar is verdere passasies wat aan u sal toon dat dit wel die beroep vir 'n united front was. -- Die beroep tot volkskap sou ek sê.

Sal u asseblief na die volgende bladsy kyk 171. "On November, 24 1936 ... (Mnr. Bizos lees voort) Most of them had to be convinced of the necessity of joining a trade union." Is dit mobilisering, politisering of wat is dit? -- As u sê oortuig om aan 'n bepaalde organisasie te behoort. (30)

Is dit politisering of mobilisering? -- Nee, ek nou nie

sê dit is politisering of mobilisering nie.

Waarom is dit nie politisering nie? -- Omdat dit bloot gaan oor die oortuiging van mense.

En as u mense probeer oortuig dat die enigste oplossing in Suid-Afrika is om een man en een vrou 'n stem te gee, is dit 'n oortuiging wat nie politisering is nie? -- Daar is dit binne 'n bepaalde rewolusionêre konteks.

Maar kyk, u weet al die sogenaamde deskundiges soos u wat in 'n getuiebank gegaan het, maak dieselfde fout, wil ek aan u stel. Ek staan hier op die hoek van die straat (10) en ek sê een man een stem en op die ander hoek staan 'n ander man en hy sê een man een stem. Hoe sal u besluit wie aan dei ANC of aan 'n rewolusionêre organisasie behoort en wie 'n demokraat is? Hoe sal u dit besluit as die twee persone op verskillende hoeke staan en dit uitskreeu? -- Nee, as hulle dit net skreeu, dan is dit moeilik bepaalbaar.

Probeer elkeen van hulle om diemense wat bereid is om hulle te hoor te politiseer? -- Om die mense te politiseer? Ja, ek sou sê om te politiseer.

Albei van hulle? -- Ja, ek sou sê albei van hulle. (20)

Is altwee van hulle besig om mense te vra om polities te dink, om te politiseer? -- Ek dink nie om mense te vra om polities ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

As die mense 'n toespraak maak skreeu hulle op die hoek daar "Julle moet nou glo dat die enigste manier waarop die land se probleme opgelos sal word, is deur 'n een man een stem stelsel." Waarom is dit nie politisering nie? -- Dit is bloot 'n standpunt wat uitgespreek word, maar daar gaan nog nie bepaalde werk mee gepaard om mense agter hom te skaar ten einde hulle saam te neem nie. (30)

En as elkeen van hulle sê "Kom saam met my en ons sal 'n ... / organisasie

organisasie vorm om die idee te propageer, is hulle besig om mense te mobiliseer en politiseer? -- Ja, dit sou ek sê.

Albei van hulle? -- As albei dit doen.

Is albei van hulle besig om mense te politiseer en te mobiliseer? -- Nee, as u dit so verder kwalifiseer.

"Most of them had to be convinced of the necessity of joining a trade union." Wil u nou u mening verander dat dit politisering is of miskien mobilisering? -- Nee, want dit is binne 'n bepaalde konteks wat u dit lees hierso.

Ja, die konteks dat die meneer van huis tot huis - (10) laat ons die hele passasie uitlees. "Most of them had to be convinced of the necessity of joining a trade union --- (Mnr. Bizos lees voort) It was an enormous task." Die doel was om hulle te oorreed om deel te hê aan 'n organisasie? -- Maar nog steeds binne 'n bepaalde volksverband. Die vorige passasie het u gekoppel aan volkseenheid. So, wanneer ons kyk na die aard van 'n gedifferensieerde samelewing dan is dit ook binne die konteks van 'n bepaalde beweging hier wat die volkskap aandag geniet, die kulturele samelewing wat aandag geniet. (20)

Ek wil aan u 'n verdere passasie lees op bladsy 182 en u vra of dit nou 'n beroep van 'n united front was. "As the wagons approached their destinations ... (Mnr. Bizos lees voort) Republican independence." Was dit ook 'n kulturele aspek van die saak? -- Die kwessie van 'n Republiek, al dan nie?

Ja. -- As ons vorentoe lees en ek dink ons al die hele faset hier moet hanteer of dit gegaan het oor 'n spesifieke volk wat hierdie gedagte geopper het.

Was die beroep op 'n Republiek net vir die Afrikaner- (30) volk of vir die mense van Suid-Afrika? -- Nee, die gedagte

van 'n Republiek was vir die mense van Suid-Afrika.

Laat ons dit lees en sien of - "The colours of the old Republics were everywhere displayed and Republicanism became more and more the expressed goal. (Mnr. Bizos lees voort) Why should not die privilege of freedom which is granted to all the countries of the world also be granted to us?" Het u enige kommentaar daarop te lewer of dit nou die woorde van óf 'n demokratiese óf 'n gewelddadige rewolusionêre organisasie kan wees? -- Nee, binne hierdie konteks het dit gegaan oor die Republiek as sulks. Daar was gekyk(10) na die metode waarvolgens hy tot stand gekom het en het dit geskied binne die suiwer konstitusionele proses.

Wie was die vyande? -- Ek weet nie watter vyande maak hy van melding nie.

Dan wil ek u na bladsy 205 verwys. "Dr Diedericks gave up his professorship to become leader of the RDB. (Mnr. Bizos lees voort) Let us stand together all in all in a great mighty oorredingsraad." Sal u sê dat dit 'n beroep vir eenheid in die Afrikanervolk was vir politieke doeleinades? -- Soos hy hier staan lees ek hom nie in 'n politieke sin nie. (20)

Wat dink u na wat het Dr. Diedericks verwys? -- Die ekonomiese probleme van die Afrikaner.

Is u ondervinding dat die politiek en die ekonomie heeltemal onderskei is? -- Nee, glad nie.

Ek wil u vra of u enige kennis dra van enige rewolusionêre organisasie in die jare 80 en enige demokratiese gemeenskapsorganisasie of politieke party in dieselfde land en elkeen van hulle dieselfde of min of meer dieselfde beleid gehad het behalwe dat die een geweld gebruik het en die ander nie en waar die regering bedank het of geabdikeer(30) het? Dra u kennis van enige sulke organisasies? -- Nee.

Weet u of daar rewolusionêre groepe in die Filippyne was? -- Ja.

Wie was hulle? -- Die Hugs.

Ja, die Hugs, dit is heeltemal reg en wie nog? -- Nee, ek kan net aan die Hugs dink.

Wat van die Kommunistiese Party? -- Die Kommunistiese Party het ook bestaan.

Wat op 'n gewelddadige manier probeer het om van die Marcos diktorskap ontslae te raak? -- Ja, daar was 'n rewolusionêre stryd, as ek reg onthou. (10)

Kan u onthou dat daar 'n aantal opposisie partye was in die Filippyne? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Dra u kennis daarvan dat daar van tyd tot tyd verkiesings in die land was wat deur die opposisie partye van tyd tot tyd geboikot was? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

En alhoewel in daardie land almal teoreties stemreg gehad het, die bewering was dat die Marcos diktorskap die verkiesings op 'n bedrieglike manier gehou het? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Dra u enige kennis of in daardie situasie waar u 'n politieke party gehad het en rewolusionêre organisasies, of daar enige demokratiese front gestig is of nie? -- Nee.. (20)

As ek dit aan u stel dat dit is presies wat gebeur het nie lank gelede nie deur die nie-gewelddadige organisasies van die Filippyne, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Nee, ek is nie.

Kan u onthou dat 'n senator vermoor is net toe hy buite 'n vliegtuig gekom het? -- Nee.

Kan u onthou of daardie sluipmoord enige gevolgtrekking gehad het of nie? -- Nee, ek kan nie. (30)

Weet u of enige persoon wat verwant was aan enige persoon

politieke werk begin doen het of nie? -- Die vraag is nie heeltemal duidelik aan my nie.

HOF : Weet u van die man wat vermoor is? -- Nee.

Wat die leier was van die politieke party, die opposisie party? -- Nee.

Dan weet u seker ook nie van sy vrou nie? -- Nee.

MNR. BIZOS : Het u die naam van Aquina nooit gehoor nie?  
-- Praat u nou in die kontemporêre tydperk?

HOF : Ons is nog by die Filippyne. -- Maar u is nou in die kontemporêre tydperk. Ons is nie meer by die Hugs stryd(10) nie. Of is u nou by 'n voortsettingsfase?

MNR. BIZOS : Was die Hugs nie besig - is hulle nie nou nog besig om as 'n onwettige rewolusionêre op te tree nie? -- Ja, ek glo daar is nog elemente teenwoordig.

Het u nooit die naam Aquina gehoor nie? -- Ja.

Weet u of mev. Aquina die leierskap van 'n United Democratic Front geneem het na die sluipmoord op haar man? -- Nee, ek weet nie.

Lees u ooit die publikasie "Current History"? -- Nee.

Is u miskien 'n lid van die Instituut van Nasionale (20) Affairs? -- Nee, ek is nie.

South African Institute of Foreign Affairs. Dra u kennis van die feit dat die demokratiese front The New Nationalist Alliance gnoem was? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

En dat daardie organisasie saam met die rewolusionêre organisasie dieselfde idee gehad het, dieselfde beleid om Marcos se diktorskap ontslae van te raak? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Weet u wat se metodes gebruik is deur die New Nationa-(30) list Alliance? -- Nee, ek het nie die metodes bestudeer nie.

Weet u dat hulle amper alles gedoen het wat u as rewolusionêre aktiwiteite beskryf het in u hoofgetuienis behalwe om geweld te gebruik? -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie.

Dat mev. Aquina en die ander lede van die front 'n woord gebruik van die "bayan"? Dra u kennis daarvan? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

En dat die metode was van massa werklike protes. -- Nee, ek dra nie kennis nie.

HOF : Is dit wat bedoel word met "bayan"? (10)

MNR. BIZOS : Min of meer. Its original meaning, I am informed is march. Mev. Aquina onder andere het mense aangeraai om nie betaling van belasting te doen nie, boikotte van besighede wat die Marcos bewind ondersteun het, stakings en wyk weg'bly-aksie, wat insluit die toesluiting van besighede deur winkeliers wat ondersteuners van mev. Aquina en ander lede van die opposisie was, stakings en weg'bly-aksie en ander protes aktiwiteite? -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie.

Sou u al daardie dinge as rewolusionêre aktiwiteite beskou? -- Nee, glad nie. (20)

U weet dat volgens Marcos en sy ondersteuners, Marcos beweer het dat hy die verkiesing gewen het. Dra u kennis daarvan? -- Ja.

Maar mev. Aquina het dit betwis? -- Ja.

En sy het as voorbok opgetree in 'n betoging van 'n miljoen mense wat na Pretoria of Manilla, die kapitaalstaat van die hoofstad van die Filippyne gemars het.

HOF : Ek neem aan hulle het nie "Siyaya" gesing nie?

MNR. BIZOS : Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Is u bekend met mnr. Allen Begg? -- Nee. (30)

Is u bekend met die SAIIA, the South African Institute

of International Affairs? -- Ek weet van hom.

Die tydskrif. Dit is 'n verslag. -- Wat van tyd tot tyd verskyn)

Ja, wat van tyd tot tyd verskyn.-- Ek het dit al gesien.

En dit is 'n akademiese geskrif? -- Ja.

Ek wil net 'n kort passasie vir u lees van nr.30, 1986 bladsy 3. "It was ostensibly a triumph of the middle class morality. A revolt of the moderates across the board, from the mercantile and professional classes to the rising generation in the military and Roman Catholic Church." (10) Stem u saam dat die woord "revolt" ... (Hof kom tussenbei) HOF : Is dit nou gesê na aanleiding van die oorname in die Filippyne?

MNR. BIZOS : Van die oorname in die Filippyne deur mev. Aquina. Stem u saam dat die woord "revolt" nie noodwendig 'n gewelddadige aksie is nie? -- As dit bloot gaan oor 'n opstand.

Ja, fundamentele veranderinge in die gemeenskap sonder geweld. -- Daar kan veranderinge in die gemeenskap plaasvind sonder geweld. (20)

En dit is van tyd tot tyd as "revolt" beskryf? -- Die woord kan gebruik word.

En is gebruik? -- Ek het nie spesifiek so op die woord gekonsentreer nie.

Weet u wat die effek of die "bayan" oorwinning by die rewolusionêre organisasies gehad het? -- Nee.

Ek wil aan u stel dat dit was 'n klassieke voorbeeld waarin die demokratiese aktiwiteite die gewelddadige organisasies heeltemal onkant gevang het. Sal u dit aanvaar? -- Ek aanvaar dit. (30)

En dit is so beskryf omdat die sterkte van die gematigde

beweging heeltemal onderskat is. -- Gaan dit hier oor 'n beweging wat totaal los staan van die rewolusionêre organisasie?

Ja, mev. Aquina sal sê dat sy heeltemal onafhanklik is van die rewolusionêre organisasie, alhoewel mn. Marcos nie saamgestem het nie. Stem u saam? -- Ek het geen kennis van die standpunt wat u daar huldig nie. So, dit is moeilik om saam te stem.

En die verderegevolg van die "bayan" oorwinning was dat drie Kommunistiese linkses tot die geledere van die "bayan" (10) toegetree het en dat die Kommunistiese Party tans al hoe meer in isolasie verkeer in daardie land. Is u in staat om enige kommentaar daarop te lewer? -- Wat u daar skets gaan vir my daaroor dat u skets hier die optrede van die twee bewegings, waar die een onafhanklik tot stand gekom het van die ander. Ek dink egter wanneer ons kyk na die proses van rewolusionêre oorlogvoering en waar dit hoofsaaklik gaan oor die betrokkenheid van die bevolking by 'n rewolusionêre stryd, is dit uit die aard van die saak daarop ingestel, die rewolusionêre organisasie om te mobiliseer en te organiseer (20) en na aanleiding daarvan te gebruik binne die stryd. Die aktiewe toetrede van die bevolking tot die stryd. U skets daar vir my die optrede deur twee organisasies waar u die een vir my stel buite die rewolusionêre konteks.

Maar hoe sou u nou vasstel as 'n luitenant van mev. Aquina in 'n groot saal van 'n paar duisend mense was en sy het gesê Marcos is 'n verraaiier, hy is 'n diktator, hy is 'n martelaar, 'n vyand, hy moet uitgeskop word, "sell-out", alles en dan is daar ook 'n persoon wat aan die Kommunistiese Party behoort, maar hy wou nie gearresteer word nie. Hy sê (30) presies dieselfde ding. Niemand weet of hy nou 'n lid van

die Kommunistiese Party is of nie. Van wat hulle sê, hoe kan u vasstel of hy nou 'n mev. Aquina man is of 'n Hugs man is? -- Nee, net bloot by die aanhoor van wat hy sê is dit moeilik, maar die persoon moet gekoppel word aan die organisasie, die totale aktiwiteite van die organisasie moet onder die loep geneem word en dan kan daar bepaalde analises gemaak word.

Wat u bedoel is, as 'n polisieman hom geviseenteer het en 'n Kommunistiese Party se lidmaatskapkaartjie in sy sakkie gekry het, sou ons geen moeilikheid gehad het nie. Is dit(10) wat u sê? -- Nee, dit is nie heeltemal so eenvoudig wat u sê nie.

Ek is seker dit is nie so eenvoudig om alles wat teen die Regering gedoen is as rewolusionêr te beskou nie? -- Om as 'n rewolusionêre oorlog te beskou, want hier moet 'n bepaalde patroon gevolg word voordat daar by die klassifikasiësie van so 'n tipe oorlog uitgekom kan word.

Wat ek aan u wil stel is dit. Dat die mees fundamentele verskil tussen 'n rewolusionêre organisasie en 'n massa gemeenskapsorganisasie is die aanwending van geweld deur (20) die eersgenoemde en die gebruikmaking van ander middele soms ook onwettig middele deur die laasgenoemde. Wat sê u daarvan? Stem u saam? -- Nee, indien so 'n organisasie wat u nou noem 'n massa organisasie tot stand kom na aanleiding van die operasionalisering van 'n rewolusionêre stryd, dan is hy gekoppel aan 'n rewolusionêre organisasie. Indien hy dan van aktiwiteite gebruik maak wat u beskou as nie-gewelddadig van aard nie, dan pas dit in by die rewolusionêre stryd. Dit is 'n element om uiteindelik 'n doelwit van politieke magsoornname te bewerkstellig. (30)

As 'n persoon met 'n graad in staatsleer, wat beveel u

aan? Moet alle demokratiese aktiwiteite in 'n staat tot stilstand kom die dag toe die rewolusionêre organisasie op die terrein kom? -- Nee, glad nie.

En die demokratiese aktiwiteite soos massavegaderings stakings en wegblý-aksies en proteste en optogte, het die mense nie die reg om dit te doen nie? -- Nee. Sodra hierdie aktiwiteite as 'n instrument van die stryd aangewend word, dan het hy 'n bepaalde plek.' U praat nou van ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Het hy 'n bepaalde plek in wat? -- In hierdie strate-(10) giese patroon.

Nee, ons praat nie van die strategiese patroon nie. Ek vra u dit, omdat daar 'n rewolusionêre organisasie nou bestaan, moet alle demokratiese aktiwiteite tot stilstand kom? -- Nee.

En is deel van die demokratiese proses om massa vergaderings te hou? -- Ja, daar kan vergaderings wees.

Wegblý-aksies? As ek nie werk toe wil gaan nie, waarom moet ek werk toe gaan? -- Ja, u kan dit so stel.

Wat is verkeerd daarmee? -- Die werkewer sal heel (20) moontlik net teen u optree dan.

Ek is bereid om dié kans te neem. Dit is nie onwettig nie, is dit? -- As u bloot wegblý vanweë die feit dat u wil wegblý, is dit seker u reg en moet u in 'n mate verwag dat u werkewer sal optree.

Het ek die reg om vir my buurmense te gaan sê "Kom saam met my stadsaal toe en julle moet nie werk toe gaan nie"? Is dit nie die reg wat ek het nie? -- As dit deel vorm van die rewolusionêre stryd.

Waarom wil u die rewolusionêre patroon in die demo- (30) kratiese aktiwiteite laat insypel? -- Ek sê nie dat ek

die rewolusionêre patroon in 'n demokratiese aktiwiteit wil laat insypel nie, maar aktiwiteite wat u nou noem vorm ook deel van die rewolusionêre proses.

Ja, die rewolusionêre organisasies mag, as hulle kan, ook massa vergaderings hou. -- As hy kan.

K415

UIn die algemeen sal u saamstem dat 'n massa gemeenskapsorganisasie mense regte, dit is "civil liberties" verdedig?

-- In die algemeen? Nee, ek dink dit is 'n groot veralgemening.

In die algemeen, weet u van enige land se massa gemeenskapsorganisasie wat nie mense regte verdedig nie? -- Ja, (10) daar kan 'n kulturele organisasie wees wat 'n massa organisasie is.

Massa gemeenskapsorganisasie vir politieke doeleindes. Weet u van enige sodanige organisasie wat nie mense regte of "civil liberties" verdedig nie? -- Nee.

Sal u dan saamstem dat in die algemeen massa gemeenskapsorganisasies politieke doeleindes het en mense regte verdedig? -- Ek het nie heeltemal begrip hoekom die mense regte aan die massa gemeenskapsorganisasie gekoppel word nie. (20)

Is dit nie die beleid van sulke organisasies om sekere of die teorie van mense regte te verdedig nie? -- Ek sê weer eens, u is vir my met 'n bree veralgemening besig.

In die algemeen weet u van enige organisasie in enige demokratiese land wat belangstel in die politiek wat nie mense regte verdedig nie?

HOF : Sluit u die AWB daarby in?

MNR. BIZOS : Ek het sekere vrae oor daardie organisasie.

HOF : Ja, maar u praat nou in die algemeen. Alle organisasies? (30)

MNR. BIZOS : Ja. Hulle kla dat hulle gearresteer was sonder

goeie rede.

HOF : Maar ek het gedink u vraag het ten doel die verdediging van alle mense in 'n land se mense regte. As u dit nie so wyd bedoel nie, dat die mense net vir hulle eie mense net vir hulle eie menseregte baklei, dan sal dit seker gaan.

MNR. BIZOS : Sal u saamstem dat in die algemeen massa gemeenskapsorganisasies mense regte verdedig ten minste vir hulle eie mense? -- Indien dit sy spesifieke doel is waarvoor hy daargestel is.

Wat is in die algemeen die rewolusionêre organisa- (10) sies se houding teenoor mense regte? -- Wat rewolusionêre organisasies betref, glo ek plaas hulle 'n hoë appèl op mense regte, ook om op grond daarvan mobilisering te bewerkstellig. Bloot in terme van die propagering van mense regte.

Wat is die suiwer rewolusionêre organisasies se houding oor mense regte? -- Praat u van fisies sy houding of dit wat hy propageer?

Nee, wat is hule regte houding? Nie wat hulle propageer nie? -- Ek dink nie 'n rewolusionêre organisasie plaas 'n hoë premie op mense regte nie. (20)

Stem u saam dat massa gemeenskapsorganisasies gebruik maak van prokureurs en advokate en die howe om mense regte te probeer beskerm in 'n demokratiese staat? -- Dit is vir my weer eens 'n baie breë veralgemening. Dit kan wees dat hulle van sodanige proses gebruik maak.

Hoe beskryf rewolusionêre organisasies die howe, advokate, prokureurs? Hoe beskryf hulle hierdie soort mense? -- Ek het nêrens daarop afgekom hoe dat die howe beskryf word nie. Wat wel in dié verband gemeld moet word is dat die rewolusionêre organisasie nadat hy sy liberated(30) area of zone daargestel het, eie howe in sodanige gebied

vestig en dan hulle noem dit ook rewolusionére wette, dan implementeer in sodanige gebied.

U sien ek wil aan u stel dat in die algemeen rewolusionére organisasies beskryf die howe, die regsgeleerde as 'n deel van - en ek sal die Engels gebruik, u kan dit verteaal as u wil - "repressive state apparatus". Het u daarvan gehoor? -- Nee, ek het nie so 'n uitdrukking spesifiek teëgekom nie.

Wie was Mao Tse Tung se advokaat? -- Nee, ek weet nie wie was sy advokaat nie. (10)

Het hy een gehad? -- Ek weet nie.

En wie was Che Guevara se advokaat of prokureur? -- Nee, ek weet nie.

En De Bray s'n? -- Nee, ek weet ook nie.

As My Geleerde Vriend, mnr. Jacobs, u nie gevra het oor regshulp nie, sou u self daarvan melding gemaak het in u hoofgetuenis? -- Nee, die regshulp is bloot binne 'n bepaalde konteks dat dit 'n gelyklopende aktiwiteit is wat daar kan wees.

Waar maak Mao melding van regshulp soos ons dit (20) verstaan? In watter volume en op watter bladsy? -- Nee, hy maak nie melding daarvan nie.

Waar het hy dit gekry as deel van die rewolusionére stryd? -- Dit is 'n soortgelyke aktiwiteit. Die aktiwiteit is binne die konteks van die sosio-ekonomiese. So, indien dit bestaan, kan dit geklassifiseer word binne die sosio-ekonomiese. Dit is al waарoor dit gegaan het.

Ek weet nie of u hier gekom het om hipotetiese stellings te maak nie. Ek wil vir u vra, as u nie gevra was oor regshulp nie, sou u daarvan gemelding gemaak het in u (30) hoofgetuenis? -- Nee.

Het u ooit in enigets wat u gelees het van enige rewolusionêre organisasie se beleid gelees dat die rewolusionêre organisasie as deel van sy beleid om regshulp aan te bied? -- Nee. Miskien moet ek dit weer aan u stel dat die tipe aktiwiteit. Indien dit daar is, dan klassifiseer ek dit bloot binne die konteks waarin ek dit binne die strategiese patroon aanwend.

Waar het Mao van halssnoermoorde gepraat? -- Weer eens hier daar word gepraat van "execution" ... (Mnr. Bizos kom tussenbei) (10)

Ja-nee, ons praat nie van "execiton" nie. Waar het Mao van halssnoermoerde gepraat? -- Ek wil dieselfde standpunt hier huldig dat dit bloot 'n spesifieke tipe van optrede is, maar tuis hoor binne dieselfde konteks binne die rewolusionêre patroon.

Het Mao ooit melding daarvan gemaak? -- Nee.

En as u nie gevra was deur die aanklaer nie, sou u daarvan melding gemaak het? -- Nee.

Ek wil sekere vrae aan u stel oor die metodiek. Stem u saam dat baie van die vereistes vir die sukses van hulle (20) rewolusionêre organisasie soortgelyk is aan die vereistes vir sukses van massa gemeenskapsorganisasies en selfs politieke partye en groot besighede? -- Ja, byvoorbeeld as u praat van 'n politieke party, dan is dit 'n politieke saak. Wat die politieke party betref, het hy ook steun van die bevolking nodig. Dan net in 'n ander sin, dat daar steun gegee word ten opsigte van om 'n politieke party in die owerheidsamp te plaas deur die normale konstitusionele proses.

Ek wil dit aan u stel dat die lys van vereistes wat (30) u gegee het van toepassing is op politieke partye, kulturele ... / organisasies

organisasies en maatskappye wat seep verkoop? -- Ek dink nie enige politieke party of 'n organisasie wat seep verkoop het eksterne basis geriewe nodig nie.

Wat van hulp van die buiteland? -- Ja, daar kan eksterne hulp nodig wees.

Vir al die organisasies, u kan onthou dat u het vir ons u mening gegee wat 'n rewolusionêre nodig het. Goeie leierskap. -- Ja.

Sal u met my saamstem dat 'n populêre, aantreklike, wel ter tale leier wat mense oorreed om hom te volg is (10) 'n aanwinst vir enige organisasie? -- Ja.

En dat elke politieke organisasie of ander organisasie 'n aantreklike or alternatiewe program in teenstelling met dié van die regering of sy teenstaanders ... -- Hy het 'n program nodig.

En 'n klimaat waarin die bevolking kan identifiseer met die beginsels wat in die program uiteengesit word? -- Ja, dit is reg.

Die kapasiteit van die organisasie om die alledaagse probleme van die bevolking te hanteer? -- Ja, 'n politieke (20) party kan ook probleme hanteer.

Dit soek eksterne ondersteuning? -- 'n Politieke party het nie noodwendig eksterne ondersteuning nodig nie.

Word politieke partye nie ondersteun deur hulle vriende in ander lande nie? -- Dit kan wees dat hy ondersteun word, maarhy het dit nie noodwendig nodig nie.

Weet u of die sosialistiese state van Noord-Europa geld gee aan die sosialiste partye van Spanje en Portugal? -- Nee, ek weet nie.

Kritiek op die regering se beleid? -- Ja, enige organisasie kan kritiek teenoor die regering se beleid uitspreek. (30)

En ook enige organisasie teenoor die beleid of die praktyk van hulle teenstanders in besigheid? -- Ja.

Stem u saam dat 'n rewolusionêre organisasie, massa gemeenskapsorganisasies, politieke party en groot besighede poog om eenheid te bewerkstellig? -- Eenheid tussen wie?

Tussen mense, tussen verskillende organisasies, tussen verskillende partye? -- Nee, ek dink dit is 'n breë veralgemeeniging dat politieke partye gaan poog om eenheid te bewerkstellig tussen organisasies.

Stem u nie saam nie? -- Nee, dit is nie noodwendig (10) so nie.

Wat is prof. Boshoff besig om te probeer doen? Wie is prof. Boshoff? -- Teoloog van die Pretoriase Universiteit.

Wat is sy organisasie? -- Hy speel 'n prominente rol soos wat hy dit stel en wat ek verstaan van prof. Boshoff om AFRIkanervolkseenheid te bewerkstellig deur die Volkswag.

En wat is hy besig om te probeer doen? Ten minste twee politieke partye, nie waar nie? -- Ek weet nie of hy 'n daadwerklike poging aanwend om hulle bymekaar te kry nie. Daarvan dra ek nie kennis nie. (20)

Is daar nie 'n poging om die Konserwatiewe Party, die Herstigde Nasionale Party, die AWB ...-- Ek het al gelees dat daar 'n poging is, maar daar is soveel ontkennings as wat daar erkennings is dat so iets aan die gang is.

Die Ruit erwag en die Kappiekommando saam te bring in 'n verenigde front teen die regering se liberale beleid? -- Ek dink net dat u hier die onderskeiding moet tref dat dit hier gaan oor 'n politieke party wat binne-in die konstitusionele proses besig is met steunwerwing vir kiesers.

Wat is die vraag wat ek aan u gestel het? Ek het (30) net nie een mooi gehoor wat u gesê het voor die Kappiekommando  
... / nie

nie.

Dit is die Ruiterwag, maar dit is nie van belang nie. Wat ek aan u gestel het is dat verenigde fronts is deur rewolusionêre organisasies gestig in die rewolusionêre organisasies, soos byvoorbeeld politieke partye. -- Om mense saam te groepeer, ja.

Ja, dit is die vraag. -- Maar nou gaan daar 'n stap verder. Wanneer hierdie mense saam gegroepeer word, dan is die poging om deur middel van politieke medeseggenskap 'n bepaalde party of organisasie in die owerheidsamp te (10) plaas, terwyl by die rewolusionêre organisasie is dit 'n ander tipe van aktiwiteit na die saam groepering van mense om dan deur gebruikmaking van die mense, deur 'n onkonstitusionele proses waar hy kan deelnaam aan staking en ander aktiwiteite in politieke magsoorname te bewerkstellig.

Dit mag of mag nie gebeur nie. Wat ek aan u wil stel is, dat u in hoofgetuienis gesê het dat rewolusionêre organisasies probeer om verenigde fronte te stig. -- Dit is reg.

Wat ek aan u wil stel is, dat dit is deel van die same-(20)lewing buite die rewolusionêre organisasies se terrein? -- Om mense saam te groepeer?

Ja. -- Dit is deel van die samelewing maar in 'n ander konteks.

En dit is die organisasie wat binne konstitusionele vlak werk en organisasies wat nie binne daardie raamwerk werk nie? -- Dit is korrek.

Is dit AWB nie besig om 'n sekere verenigde front te probeer stig hier in Suid-AFrika nie? -- Tussen wie?

Tussen die KP en die HNP? -- Ek weet nie of die AWB (30) in dié, verband 'n rol speel nie.

Ons sal die koerant later aan u voorlê. Wanneer het u vir die heel eerste keer die woorde United Democratic Front gehoor? -- Is dit nou die organisasie in Suid-Afrika?

Ja, as die naam van 'n organisasie in Suid-Afrika. -- Wel, dit was net kort na die stigting van die organisasie.

Watter organisasie? -- Die United Democratic Front.

Was dit die eerste United Democratic Front in ons land? -- As eie tipiese organisasie of front?

Ja. -- Nee, ek weet nie.

U sien, ek wil dit aan u stel dat dit nie die naam (10) oorspronklik was nie, omdat daar voorheen 'n United Democratic Front was. -- Ek is nie bewus van die ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

En daar 'n lang tradisie van United Democratic Fronts in Suid-Afrika is. Ken u die boek "Liberalism in South Africa, 1948 - 1963" by Janet Robinson"? -- Nee, ek ken hom nie.

Sal u net na die boek kyk. Op bladsy 60.

HOF : Dit gaan in as AAQ(55). Die dekblad is "Liberalism in South Africa, 1948 - 1963" en dit bestaan uit een (20) verdere bladsy.

MNR. BIZOS : Van die begin af "Since Hofmeyer had chosen to remain with the United Party in the thirties... (Mnr. Bizos lees voort) It said we shall see to it that rights as they extended to the less fortunate, shall be defended and that the word of the Black man shall be honoured." Is dit 'n voorbeeld van 'n verenigde front deur Blanke Suid-Afrikaners om die regering te verander? -- Hierdie voorbeeld kan nie geplaas word binne die konteks van 'n rewolusionêre stryd nie. (30)

Ja, maar dit is nie waaroor ons u vra nie. Waaroor ons u

... / vra

vra is of United Democratic Fronts bestaan het in Suid-Afrika voorheen sonder of voor daar enige rewolusionêre organisasie was? -- Die woord wat hier gebruik word is vir my 'n nuwe woord. Dit wil vir my voorkom asof dit hier 'n samewerking is tussen politieke partye om dan deur middel van die konstitusionele proses die owerheidsamp te betree.

Het u ooit gedink wat die woorde daar op die band beteken?  
-- Ja.

Wat beteken dit? -- Eendrag maak mag.

Ex Unitate Vires. Is dit nie 'n uitdrukking wat - (10) motherhood is mos 'n goeie ding vir almal? -- Eendrag maak mag staan vir my ten opsigte van die Staat as sulks.

Waarom kan gemeenskapsorganisasies dit ook nie gebruik nie? -- In terme van saamgroepering van organisasies as sulks het ek geen fout mee te vind nie. Dit gaan egter vir my oor indien sodanige organisasie binne die konteks van 'n rewolusionêre proses ontstaan, wat die rol van sodanige front is. Dan gaan dit oor wat ek noem intensifieringskonteks waar die bevolking dan aangewend word in die stryd in terme van aktiewe steun aan so 'n organisasie. U sal self (20) herinner ten opsigte van die kwessie om sogenaamde bevryde gebiede onder beheer van die rewolusionêre organisasies te plaas, is dit noodsaaklik omdat sodanige gebiede alternatiewe regerings te vestig waarin dit gestel word deur die rewolusionêre denker dat hierdie klein regering eintlik 'n voorbeeld is van hoe die staat in totaliteit sal lyk indien die politieke magsoorname plaasvind. So, in hierdie proses lyk hy vir my heeltemal anders dan die suiwere optrede van bestaande massa organisasies. As hy in die proses is, het hy 'n bepaalde rewolusionêre gebruikswaarde. (30)

Maar u kan ons nie help met die diagnose wanneer dit

... / deur

deur 'n rewolusionêre organisasie gedoen is en wanneer dit deur 'n demokratiese organisasie gedoen is nie in enige land. Daar is nie enige verskil wat u vir ons kan gee behalwe die gebruik van geweld nie? -- Nee, ek dink daar is verdere verskille waarna 'n mens moet kyk. Nie bloot net die gebruik van geweld deur 'n organisasie nie, maar na aanleiding van wat het die organisasies tot stand gekom is ook 'n bepalende faktor, want dit verteenwoordig die rewolusionêre lyn soos wat ek dit aan u weergegee het.

Ek wil dit aan u stel dat dit wat u alreeds toegegee(10) toegegee het dat daar nie sulke verskille bestaan behalwe dié van geweld nie, die korrekte posisie is. -- En of sondige organisasies, soos u dit noem, 'n komponent vorm van 'n rewolusionêre stryd.

Jammer ek het dit nie in Afrikaans nie, maar dit "begs the question", soos ons in Engels sê. -- As u kyk na die hele lyn, hoe dit ontwikkel, dan sal u sien moet die bevolking nie net gemobiliseer, maar ook georganiseer word. Nadat hy georganiseer is en self binne sekere areas of dit 'n "liberated zone of an area" is, onder 'n alterna-(20) tiewe regering geplaas word, dan word hierdie organisasie en bevolking aangewend in die stryd en dit gee 'n totaal ander kleur vir my aan die optrede van massa organisasies.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

- - - - -

## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

**Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand**

**Location:- Johannesburg**

**©2009**

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

*Document ID:- AK2117-I1-18-134*

*Document Title:- Vol 134 p 6593-66S6. Witness: Pruis*